


Die Voortrekkers



OFFISIERSHANDLEIDING

vir

Penkoppe en Drawwertjies

in

Graad 4

Uitgee deur:

Die Voortrekkers, Posbus 12542,
QUEENSWOOD, 0121

Kopiereg: **Die Voortrekkers**

Eerste uitgawe, eerste druk 1997

Eerste hersiening, eerste druk 2001

Tweede uitgawe, eerste druk 2006

ISBN 1-874993-89-0

INHOUD

| | |
|---|----|
| INLYWING | 4 |
| 1 Inlywingsvereistes | 5 |
| EK AS MENS | 12 |
| 1 Menswees | 12 |
| 2 Weerbaarheid | 14 |
| 3 Versamelkuns | 17 |
| EK IN MY OMGEWING | 20 |
| 1 Padveiligheid vir die Fietsryer | 20 |
| 2 Natuur en Omgewing | 22 |
| 3 Waarneming | 24 |
| 4 Kampering | 26 |
| 5 Dienslewering | 29 |
| EK AS VOORTREKKER | 30 |
| 1 Die Voortrekkers - Die Oord / Streek | 30 |
| 2 Gesiedenis van Die Voortrekkers | 31 |
| 3 Seremonie Vaardighede | 33 |
| 4 Die Voortrekkerkode | 35 |
| 5 Voortrekkerdrag en Kleurstelsel | 37 |
| 6 Sang | 39 |
| 7 Spele | 41 |
| EK AS AFRIKANER | 42 |
| 1 Eietydse Helde | 42 |
| EK AS LANDBURGER | 44 |
| 1 Die Gesiedenis van ons Volk en Land | 44 |
| 2 Vlae | 49 |

AAN ELKE SPANOFFISIER

Baie welkom hier aan die begin van 'n opwindende jaar saam met jou span.

Om die span suksesvol en gemaklik te kan hanteer, benodig jy die basiese kursusse en die volgende literatuur:

- *Offisiershandleiding vir Penkoppe en Drawwertjies in Graad 4.*
- *Penkop en Drawwertjie werkboek vir Graad 4.* (een vir elke kind in jou span)
- *Spesialisasies vir Penkoppe en Drawwertjies.*
- *Ondersteuning vir Penkop en Drawwertjie Offisiere.* Hierdie boek kan jy van graad 1 tot graad 7 gebruik en met groot vrug selfs ook later.

Aan die einde van die jaar kan jeuglede wat die inhoud van die graad se werk suksesvol deurgewerk het, 'n rooi graadwielkenteken kry. Hierdie kenteken word op die erkenningsbaadjie aangebring. Die besonderhede oor die aanwerk van alle kentekens sal u vind in die afdeling oor Voortrekkerdrag.

Sterkte en geniet jou span.

Nasionale Komitee vir Penkop- en Drawwertjiesake.

U het vanjaar 'n besondere geleentheid om te help bou aan 'n medemens en te vorm aan 'n burger van ons land. Baie voorspoed met u taak. Ons vertrou dat u aan die einde van die jaar na vele hoogtepunte sal kan terugkyk.

Mag ek die rede wees dat 'n kind sal sê:

My erfenis is vir my mooi.

Met dank en erkenning vir die samestelling en afronding van hierdie boeke aan:

Nell Smith, Maatjie Greyling,
Magriet Venter

INLYWING

Wanneer nuweling aansluit, is daar 'n paar sake wat spoedig en korrek afgehandel moet word. Lede kan dwarsdeur die jaar aansluit alhoewel die begin van die jaar meer wenslik is.

Taak van die offisier

1. Deurgee van die nodige inligting aan ouers.
2. Uitgee van en ontvang van registrasievorms.
3. Toesien dat jeuglid geregistreer word.
4. Toesien dat jeuglid ledegeld betaal.

Taak van die Ouer

1. Vergewis homself van wie en wat *Die Voortrekkers* is.
2. Korrekte voltooiing van die registrasievorm.
3. Betaal van die voorgeskrewe gelde.
4. Meelewing en ondersteuning aan span en kommando.

Inligting vir die afhandeling van bogenoemde

Registrasie as lid van die Beweging: Registrasie geskied deurdat elke voornemende Voortrekker by die betrokke gebiedskantoor geregistreer word voordat hy aan Voortrekkeraktiwiteite mag deelneem.

Elke ouer of voog moet die voorgeskrewe vorm voltooi en saam met die ledegeld aan die kommando terugbesorg. Die kommandodagbestuur moet sorg dat die registrasie plaasvind en die offisier se taak is eers afgehandel wanneer die registrasienommer terug ontvang is.

Voortrekkerdrag: Om eenvormigheid binne die Beweging te skep, is 'n voorgeskrewe drag vir alle lede nodig. Die Penkop en Drawwertjie dra 'n rooi, wit of blou gholfhemp met die geborduurde wapen, met 'n blou broek/romp, verkieslik van 'n denim materiaal.

As formele drag word die erkenningsbaadjie, waarop die kentekens aangewerk word, bo-oor die hempie gedra.

Voorskrifte hieroor sal u vind in die reglement vir Voortrekkerdrag.

Inligting wat aan die ouers deurgegee moet word: Maak die nodige hoeveelheid afskrifte van die volgende of gebruik soortgelyke vorms wat deur u kommando verskaf word om die inligting aan die ouers te gee.

| | |
|----------------------|-----------------------|
| Kommandonaam: | Spannaam: |
| Adres | Offisier |
| Telefoon | Telefoon |
| Kommandoleier | Spanbyeenkoms: |
| Telefoon | Plek |
| | Tyd |
| Koste van: | Kampe: |
| Ledegeld per jaar | Spankamp |
| Betaalbaar teen | Kommandokamp |
| Gholfhemp | Oordkamp |
| Erkenningsbaadjie | Gebiedskamp |
| Kentekens | Uitstappies |
| Werkboek | Ander |

Inlywings geleentheid:

Elke nuwe Penkop en Drawwertjie word tydens 'n amptelike geleentheid, wat normaalweg deur die kommando gereël word, ingelyf. Iets spesiaals moet van die geleentheid gemaak word en dit moenie as 'n lastige formaliteit afgehandel word nie. Die inlywing kan dalk bepalend wees hoe lank die jeuglid 'n Voortrekker sal bly.

Die ouers moet na die geleentheid uitgenooi word waartydens die nuwe jeuglid die belofte hardop aflê omdat hy graag 'n Voortrekker wil wees. Al die aanwesige Voortrekkers is in formele Voortrekkerdrag. Die aflê van die belofte is **altyd** 'n plegtige, formele geleentheid. 'n Spesiale persoon soos die Gebiedsleier, Oordleier, Kommandoleier, of 'n Erelid neem die plegtigheid waar.

Die nuweling moet aan die volgende **inlywingsvereistes** voldoen:

1. Die belofte ken en verstaan (soos dit van sy ouderdomsvlak verwag kan word) en dit tydens die inlywing kan opsê of agterna sê as 'n offisier dit voorlees.
2. Die Voortrekkerwapen kan herken.
3. Die Voortrekkervlag herken.
4. Die korrekte Voortrekkerdrag besit en dra.
5. Basiese drilbewegings naamlik: aandag en op die plek rus kan uitvoer.
6. Die Voortrekkersaluut kan doen.

1 INLYWINGSVEREISTES

1.1 DIE BELOFTE

My Belofte

Ek sal oral en altyd probeer om 'n Voortrekker te wees,
om gehoorsaam te wees,
om my volk, my land en my medemens te dien
en bo alles die Here lief te hê.

Wat is 'n Belofte?

'n Belofte is 'n versekering (kontrak) om te doen wat ek gesê het, want my woord is my eer.

'n Belofte moenie ligtelik gemaak word nie, want mens breek nie 'n belofte nie.

Wanneer 'n mens inwillig om iets te doen of by te dra tot iets, dan behoort jy ook bereid te wees om 'n belofte af te lê.

In die latere lewe word daar ook beloftes afgelê soos byvoorbeeld by belydenisaflegging in die kerk, die troubelofte en die doopbelofte. Beloftes aan meerderes, gelykes en minderes is ewe belangrik.

AANBIEDING

Probeer om die begrip tuis te bring deur middel van 'n storie, 'n poppekas of selfs 'n opvoering deur 'n ouer span. 'n Belofte moet nagekom word al word dit aan wie ook al gemaak. Daarom moet 'n mens baie seker wees voordat 'n belofte afgelê word.

Wat beteken die belofte?

| | |
|------------------------|---|
| Ek sal | gemotiveerd om iets te wil doen |
| oral | op enige plek |
| altyd | aanhoudend |
| probeer | al gaan ek dit nie die eerste keer regkry nie |
| 'n Voortrekker te wees | alles te doen wat van my as Voortrekker verwag word |
| gehoorsaam | te luister sonder redekawel |
| my volk | die mense wat net soos ek leef, dink en doen |
| my land | die plek waar ek woon en sy mense |
| my medemens | die mense rondom my |
| te dien | om te gee vir ander en te help |
| bo alles | die belangrikste |
| die Here lief te hê | om aan Hom gehoorsaam en getrou te wees |

Die Penkop en Drawwertjie moet die belofte ken en verstaan (soos dit van sy ouderdomsvlak verwag kan word) en dit tydens die inlywing kan opsê of agterna sê as 'n offisier dit voorlees. Terwyl die belofte afgelê word, moet die saluut geneem word. Die aflê van die belofte is altyd 'n plegtige formele geleentheid. Die Penkoppe en Drawwertjies hou van aandag en moet op 'n plek ingelyf word waar hulle gesien kan word.

Wat doen jy met die Penkop en Drawwertjebelofte?

Die belofte word nie net eenmalig gebruik om die Penkop en Drawwertjie ingelyf te kry nie, maar moet voortdurend "gebruik" word, byvoorbeeld:

- Dit kan aan die begin of einde van 'n spanbyeenkoms voorgelees word.
- Die span kan dit saam opsê nadat spangoddiens gehou is.
- Die belofte en spanlied behoort 'n inskrywing op elke byeenkoms se program te wees.
- Laat die Penkop en Drawwertjie, na sy inlywing, op die werksblad aanteken wanneer, deur wie en waar hy ingelyf is.

AANBIEDING

1. *Om die belofte bloot woord vir woord te leer, mag aan die skool herinner. Lees dit vir die eerste paar byeenkomste gereeld aan die spanlede voor, sodat hulle daaraan gewoond kan raak. Breek dit dan in sinsnedes op en skryf dit op karton neer. Laat die span die belofte stuk vir stuk aanleer en plak dit op die muur in die spankamer soos die span vorder.*
2. *Moenie alles tydens een geleentheid behandel nie, maar behandel die betekenis soos die belofte aangeleer word. Dit sal van u afhang of die belofte 'n "lewenswyse" gaan word. Herinner die spanlede gedurig aan wat hulle beloof het om sodoende koers aan hulle in die lewe te gee.*
3. *Gee aan die Penkop en Drawwertjie ook geleentheid om te sê hoe hy die betekenis van die belofte sien, stel reg waar nodig, maar luister fyn na wat die kind sê en hoe hy dit sien. Dit kan dalk aantoon hoe jy moet optree om die regte leiding te gee.*

1.2 DIE VOORTREKKERWAPEN

Wat is 'n wapen?


'n Wapen is 'n uitkenningsteken vir 'n groep, beweging of vereniging. Die tradisie dateer uit die Middeleeue toe ridders sekere sinnebeelde op hul skilde uitgewerk of geskilder het. So 'n wapen of uitkenningsteken het 'n groot gevoelswaarde vir die lede van die groep gehad en dit was vir hulle dikwels die sinnebeeld van hul voortbestaan, waarvoor hulle dan sou veg tot die bitter einde toe. So het elke land, provinsie, stad, dorp, inrigting, kerk, skool en vereniging vandag sy eie wapen of kenteken wat hom onderskei van ander soortgelyke instellings. Net soos 'n skool 'n wapen het wat spesiaal vir die skool ontwerp is, so het ons Voortrekkers ook 'n wapen wat spesiaal vir ons ontwerp is. Een van die stigterslede van *Die Voortrekkers*, **prof B Taute**, het die idee van die wiel en 'n fakkel vir ons wapen voorgestel, en ons eerste Hoofleier, **dr N J van der Merwe**, het die mooi leuse HOU KOERS vir ons gegee.

Waarom het *Die Voortrekkers* 'n wapen?

'n Kenteken is gewoonlik gebaseer op dit waarvoor die beweging staan met 'n aanduiding daarby van die doel en strewe en toekomsdele van die instelling of organisasie. Dit is dus vanselfsprekend dat 'n beweging soos *Die Voortrekkers* 'n wapen of uitkenningsteken sal hê. Aangesien *Die Voortrekkers* 'n kultuurbeweging vir die Afrikanerjeug is, lê dit voor die hand dat 'n uitkenningsteken gekies is wat gebaseer is op die volksverlede van die Afrikanervolk met 'n baie duidelike aanduiding daarby wat die ideale van die Beweging is.

Hoe lyk die Voortrekkerwapen?

Die wapen bestaan uit die voorwiel van 'n kakebeenwa, 'n brandende fakkel en die leuse van *Die Voortrekkers* onderaan, naamlik "HOU KOERS". Die rooi, wit en blou van die Voortrekkerflag is ook die kleure van die wapen.



Die boodskap van die Voortrekkerwapen

Die voorwiel van 'n kakebeenwa met tien speke

Daar is 'n speek vir elke bepaling van die Voortrekkerkode. Die wiel is silwer. (Om die wiel in te kleur, gebruik 'n gewone sagte potlood en kleur liggies en egalig in, dan lyk dit baie soos silwer). Die boodskap wat die wiel uitdra, is een van beweging en vooruitgang en dit dui op lewe.

'n Brandende fakkel

Die fakkel is wit met 'n rooi vlam en word met 'n blou lint aan die wiel vasgemaak. Hier gebruik ons die drie Voortrekkerkleure. Net soos die vlam vir ons lig gee, gebruik ons dit as simbool van ons geloof in God wat vir ons die lig op ons lewenspad is. 'n Vlam kan versprei en kan 'n groot vuur veroorsaak. Voortrekkers behoort ook hulle kennis en liefde vir God en hul land na ander te versprei om daardeur 'n verskil te maak.


'n Blou lint met die woorde van ons leuse: Hou Koers

Die leuse spoor ons aan om doelgerig te lewe. Die Bybel is vir ons soos 'n kompas wat die rigting aandui. As ons die rigting volg wat daardie kompas aandui sal ons koers kan hou na ons ewige doel.

AANBIEDING

1. *Bogenoemde inligting hoef nie alles aan die kleiner kind oorgedra te word nie. U ken u span en weet waartoe hulle in staat is. Gee die inligting so eenvoudig moontlik aan hulle.*
2. *Gee die vorige week opdrag dat die span prentjies van wapens moet saambring, ook 'n kleurafdruk van die Voortrekkerwapen. Sorg u ook vir 'n klompie. Probeer om saam met hulle vas te stel wat die verskillende wapens se boodskap is.*
3. *Gesels dan met die span oor wat 'n wapen is en wat die nut daarvan is.*
4. *Laat hulle self vasstel waar die wapen op die formele Voortrekkerdrag voorkom.*
5. *Laat die Penkoppe en Drawwertjies die Voortrekkerwapen herken.*

1.3 DIE VOORTREKKERVLAG



Wat is 'n vlag?

'n Eie vlag is 'n teken van 'n volk of organisasie of 'n skool se onafhanklike bestaan. Dit beteken dat die volk, organisasie of skool hulle "eie baas" is. Hulle reël en bedryf dinge soos dit hulle pas en by hulle doen en late inpas en geen buitestaander skryf aan hulle voor nie. So 'n uitkenningsteken is gewoonlik die trots van 'n land se mense, 'n skool se leerlinge of 'n organisasie se lede. Mense is ook bereid om op te offer ter wille van die behoud van 'n vlag. Selfs oorloë is al gevoer vir die behoud van 'n vlag. 'n Vlag kan vir 'n volk selfrespek gee en motiveer.

Die Voortrekkerflag

Die vlag bestaan uit rooi, wit en blou driehoeke. Die rooi driehoek is aan die bokant van die vlag met die skerp punt van die wit driehoek die naaste aan die vlagpaal. Die vlag was oorspronklik die vlag van die eertydse Republiek Natalia. Toe *Die Voortrekkers* in 1931 gestig is, het ons eerste onderhoofleidster, mev. M. M. Jansen, voorgestel dat hierdie vlag vir *Die Voortrekkers* aanvaar word. Mev. Jansen het ook self die eerste vlag gemaak wat op 30 September 1931 deur genl J. B. M. Hertzog aan *Die Voortrekkers* oorhandig is.

Die Vlaglied

*Nooit hoef jou kinders wat trou is te vra:
 Wat beteken jou vlag dan Suid-Afrika?
 Ons weet hy's die seël van ons vryheid en reg
 Vir naaste en vreemde, vir oorman en kneg;
 Die pand van ons erf'nis, geslag op geslag,
 om te hou vir ons kinders se kinders wat wag:
 Ons nasie se grondbrief van eiendomsland,
 Uitgegee op gesag van die Hoogste se hand.
 Oor ons hoof sal ons hys, in ons hart sal ons dra,
 Die vlag van ons eie Suid-Afrika.*

Woorde: C. J. Langenhoven


Toonsetting: F. J. Joubert

AANBIEDING

1. Kry die vlag gereed. U kan ook 'n stormvlag vir die geleentheid gebruik.
2. Vertel hoekom ons 'n vlag het.
3. Wys daarna hoe die vlag lyk. Laat die spanlede die vlag hanteer en self die verskillende kleure en dele uitwys.
4. Wys hoe die vlag aan die paal hang en laat hulle self oplet watter deel bo is.
5. Die jong Penkoppe en Drawwertjies is lief vir parades en daarom moet hulle gereed saam met die res van die kommando daaraan deelneem.
6. Die aanleer van die woorde van die Vlaglied kan oor 'n aantal vergaderings strek. Om die wysie aan te leer kan 'n groter Penkop- en Drawwertjiespan gevra word om te kom saam sing.

1.4 VOORTREKKERDRAG

Die volgende kentekens moet voor inlywing op die nuweling se erkenningsbaadjie aangebring wees.



Vir inlywing is formeledrag 'n vereiste.

1.5 BASIESE DRILBEWEGINGS

Aandag.

Die bevel klink so: "A--a--n-dag"

Die "aan" gedeelte laat jou luister, op die "dag" gedeelte word die volgende beweging uitgevoer:

- Hou die regtervoet stil en die regterknie reguit.
- Sit jou linkervoet flink langs jou regtervoet neer.
- Almal se voete kom presies gelyktydig op die grond neer sonder **om dit te stamp**.
- Die arms beweeg gelyktydig na die sye.
- Die gewig is nou op albei voete.
- Die vingers is gebuig maar nie gebal nie.
- Die houding:
 - Liggaam is regop.
 - Kop regop en kyk reguit vorentoe.
 - Skouers is nie opgetrek nie maar effe na agter en die bors stoot natuurlik uit.
 - Die arms hang reguit van die skouers af.
 - Elmoë is teen die sye en die gewrigte is reguit.



Die "aandag" posisie word gebruik waar 'n groep netjies moet aantree en/of respek moet betoon.

Op die plek rus

Die bevel klink so: "Op die pl--e--k- rus"

- Hou die regtervoet stil en die regterbeen reguit.
- Sit die linkervoet 'n entjie van die regtervoet af neer.
- Die gewig is op albei voete.
- Almal se voete kom gelyktydig op die grond neer sonder om te stamp.
- Saam met die voete beweeg die hande met die kortste pad na agter die rug.
- Die agterkant van die regterhand lê in die palm van die linkerhand en die regterduim is oor die linkerduim gekruis.
- Die houding is nou:
 - Die arms is gestrek agter die rug en die bene is reguit.
 - Die tone is effe na buite gedraai.
 - Kop regop en kyk vorentoe.
 - Die liggaam is nog steeds gestrek en flink.



"Op die plek rus" word gebruik om die groep tydens 'n seremonie gemaklik maar tog netjies te laat staan.

Aangesien die ontvang en die uitvoer van bevels vir die nuweling vreemd is, moet die basiese bewegings vir hom aangeleer word voordat hy ingelyf word.

1.6 DIE SALUUT

Die saluut word uitgevoer vanuit die “aandag”-posisie.

Dit is 'n vorm van eerbetoon en word dus gebruik op 'n voorgeskrewe manier.

- Die regterhand word uit die aandag-posisie met die kortste pad opgelig na die linker bors sodat die wysvinger aan die sleutelbeen raak.
- Die vingers is gestrek en saam met die hand, gewrig en voorarm vorm dit 'n reguit lyn en die duim bly teenaan die ander vingers.
- Wanneer die saluut gebruik word tydens die aflegging van 'n belofte of tydens 'n vlagseremonie moet die saluut vir die volle duur van die belofte of die lied gehou word.
- Sou vlagdraers die vlag na 'n hysing salueer is dit net vir twee tellings.
- Na die saluut word die hand weer afgebring na die sy, die hand vou toe vir die aandag posisie.
- Die hand mag nie teen die broek of romp klap nie.



EK AS MENS

1 MENSWEES

DOEL

Om die Penkop en Drawwertjie bewus te maak van die belangrikheid van klere en taal as persoonlike beeldprojeksie.

INHOUD

1. Kleredrag en versorging
 2. Optrede tydens groepdruk
 3. Taalgebruik
 4. My beeld na buite
-

OPDRAGTE

Hierdie hoofstuk kan nie eenmalig behandel en as afgehandel beskou word nie, maar dit verg voortdurende aandag soos geleenthede opduik.

1.1 KLEREDRAG EN VERSORGING

Kleredrag is 'n manier waarop 'n mens boodskappe kan oordra. Klere kan sê wie jy is, maar ook jou respek toon vir ander met wie jy in aanraking kom. Prente van mense met verskillende soorte klere aan sal bogenoemde stelling kan verduidelik want sonder dat die prent "praat", kan sekere afleidings bloot van die kleredrag gemaak word.

AANBIEDING

1. *Maak 'n aantal kaartjies waarop onder andere die volgende staan: 'n boemelaar, iemand wat swaar gegrimmer is, iemand wat baie uitdagend aangetrek is, iemand wat baie outyds aangetrek is ensovoorts. Laat elke spanlid 'n kaartjie trek en elkeen moet dan so aangetrek na die volgende spanbyeenkoms toe kom. Maak seker dat u klere kies wat wel reaksie sal uitlok sonder om onrealisties te wees.*
2. *Lei die kinders nou om, sonder dat die draer iets sê, te bepaal watter boodskap die draer met sy kleredrag oordra. Wys veral op die volgende:*
 - *Jou klere stel jou bekend.*
 - *Korrekte kleredrag betoon respek (kerk).*
 - *Eenvormige kleredrag verseker maatskaplike gelykheid (byvoorbeeld skool en Voortrekkers).*
 - *Slordige klere dui op 'n slordige lewenshouding.*
3. *Laat die kinders prentjies oor kleredrag in die werkboek plak of maak 'n groot plakkaat van prente wat spanlede verskaf.*

1.2 OPTREDE TYDENS GROEPDRUK

Dit is belangrik dat die kind leer dat alles wat ander doen en sê nie noodwendig altyd reg en goed is nie.

Gesels oor die reëls in die huise van die spanlede. Wys op die verskille en bring die gedagte tuis dat nie een verkeerd is net omdat dit van die ander verskil nie.

Probeer voortdurend om by die kind die besef te laat posvat dat dit nie beteken dat jy verkeerd is as jy nie saam met die stroom gaan nie. Dit is moeilik om alleen te staan as jy weet iets is reg, maar al sal ander dit nie sê nie, sal hulle tog bewondering hê vir 'n persoon wat bly staan vir dit wat reg is.

Die saak sal u gedurende die jaar, soos die geleentheid hom voordoen, moet aanspreek. Byvoorbeeld:

- 'n Paar lede bedank uit die span. Doen almal dit omdat hulle wil of is hulle beïnvloed?
- Almal kies kant teen 'n saak in die span. Is dit uit vrye keuse of onder druk? ensovoorts.

AANBIEDING

1. *In die handel is 'n wye verskeidenheid boeke oor groepsdruk beskikbaar. Voorbeelde is: "Ek en ander", "Treffer Tiener" en "Tiener in die kol". Maak gerus daarvan gebruik.*

1.3 TAALGEBRUIK

Maak 'n bandopname van die volgende:

- iemand wat baie formele taal gebruik
- iemand wat uiters slordige gemengde en gekruide taal gebruik
- iemand wat gewone goeie Afrikaans gebruik.

AANBIEDING

1. *Die span moet na die opnames luister en die persone se agtergrond beskryf. Taal dra boodskappe oor van wie en wat jy is.*
2. *Laat die spanlede die opdrag in die werkboek uitvoer.*

1.4 MY BEELD NA BUITE

Na aanleiding van die vooraf gesprekke en aksies behoort die kinders nou te weet wat 'n positiewe beeld van hom sal uitstraal.

AANBIEDING

1. *Maak weereens gebruik van boeke wat deur kenners geskryf is om hierdie sensitiewe sake te hanteer.*
2. *Laat die span in 'n bespreking sê watter beeld hulle graag wil uitstraal en op watter wyse dit gedoen kan word.*
3. *As u span daarvoor gereed is, kan u die volgende oefening met hulle doen:*
 - *Gee aan elkeen 'n vel papier met 'n regaf lyn in die middel.*
 - *Aan die een kant staan "Die mooi dinge" en aan die ander kant staan "Die dinge waaraan ek nog moet werk"*
 - *Elkeen skryf sy naam bo-aan die papier.*
 - *Die velle papier word nou onder die spanlede versprei en elkeen lewer sy kommentaar op die lid wie se besonderhede hy voor hom het. Verduidelik vooraf wat u verwag. Byvoorbeeld boodskappe soos:*

Ek hou van jou glimlag.

Jy het mooi hare.

Jy praat soms baie lelik.
 - *Elkeen kry dan weer sy eie papier terug en die saak word daar gelaat. Elkeen weet nou wat sy sterk en swakpunte is en kan daaraan werk. Gee slegs kommentaar waar dit gevra word.*

2 WEERBAARHEID

2.1 OMGEWINGSGEVARE

DOEL

1. Om die Penkop en Drawwertjie bewus te maak van gevare in die wêreld rondom hom.

INHOUD

1. Vuurwapens
 2. Ontvoering
 3. Molestering
-

A Vuurwapens

Baie mense besit vuurwapens en volgens wet moet so 'n wapen geregistreer wees en in 'n kluis gebêre word.

- Wees baie versigtig wanneer iemand 'n vuurwapens gebruik of skoonmaak. Jy kan gewys word hoe dit werk, maar jy moet nooit enige vuurwapen sonder toesig hanteer nie.
- 'n Vuurwapen is NIE 'n speelding nie!
- Onthou 'n mens mag nooit 'n vuurwapen, selfs al is dit 'n speelding, op 'n ander persoon rig nie.
- Beskou ALTYD 'n vuurwapen as gelaai.
- 'n Vuurwapen moet altyd in 'n kluis gebêre word.

B Ontvoering

Sonder om paniek te saai moet die spanlede bewus gemaak word van die feit dat ontvoering ook met hom kan gebeur. Gee dus die volgende wenke deur oor wat om te doen en nie te doen nie:

- Sê altyd vir jou ouers waarheen jy gaan en kom terug op die tyd soos afgespreek.
- Moet nooit alleen in verlate strate of gangetjies loop nie.
- Moenie met mense praat wat vanuit 'n motor met jou wil gesels nie.
- As 'n motor langs jou stilhou, hardloop weg in die teenoorgestelde rigting.
- Moenie vreemdelinge inlaat as jy alleen tuis is nie.
- Moet nooit na donker alleen buite beweeg nie, maar stap liewer in 'n groep.
- Meld enigiets aan wat snaaks voorkom, byvoorbeeld 'n motor wat vir dae op dieselfde plek geparkeer staan of 'n man wat al agter jou aanloop.
- Moet nooit by mense in 'n motor klim as jou ouers niks daarvan weet nie.
- Wees eerder oorversigtig as om in die moeilikheid te kom.

C Molestering

Baie volwassenes is goed vir kinders, maar ongelukkig is daar ook dié wat die kind oneindig skade kan aandoen.

Kinders moet geleer word om staat te maak op hulle voorgevoel by die beoordeling van mense.

Families en gesinne is daar om mekaar lief te hê en te beskerm. Familielede raak aanmekaar deur byvoorbeeld te soen of om 'n "drukke" te gee.

Babas word gebad en versorg deur grootmense. Die kind moet egter van kleins af leer dat sy liggaam privaat eiendom is en dat hy die alleenreg daarop het. Niemand, wie dit ook al is, kan aan iemand anders se liggaam vat sonder sy toestemming nie. Die kind moet weet dat as hy ongelukkig of ongemaklik voel oor 'n aanraking hy dit mag weier en moet ook baie beslis wees.

Die kind moet weet dat hy oor sulke ongemaklike aanrakings nie mag stilbly nie. Dit moet u baie duidelik aan hulle oordra.

Geheime is goed as dit ander en jouself gelukkig maak (byvoorbeeld 'n geskenk) maar as dit ongeluk en hartseer veroorsaak dan moet daarvoor gepraat word. Die kind moet beseef dat as so 'n lelike geheim oorvertel word, daar nie regtig iets met die verteller (klaer) sal gebeur nie.

Die geheim moet vertel word aan iemand wat die kind vertrou, naamlik 'n familielid, 'n onderwyser, offisier, bure of verpleegster. Die "geheim" moet vertel word totdat iemand dit glo en iets daaraan doen.

Dit is belangrik dat die kind moet weet dat hy nooit die skuldige is nie, asook dat hy "nee" mag sê vir 'n volwassene wat iets aan sy liggaam wil doen, al bied die persoon hom 'n beloning aan. As hy/sy ongemaklik voel in 'n volwassene se geselskap, mag hy padgee.

LW. Kinders moet gewaarsku word om **NIE** stories van molestering aan te dra indien dit nie waar is nie. Dit kan baie hartseer meebring.

Om "nee" te sê verg baie meer moed as om maar net saam te doen.

2.2 MORELE AANSLAE

DOEL

1. Om die Penkop en Drawwertjie bewus te maak van die aanslae op morele standaarde.

INHOUD

1. Musiek
2. Leesstof
3. Televisie en Radio
4. Rekenaarspeletjies en internet
5. Selfoon

A Musiek

Musiek het 'n invloed op jou. Musiek kan jou vrolik, opgewonde of hartseer maak. Daar is musiek waarna ons rustig kan sit en luister en ander wat ons wil laat dans of sing. Ons sê dat musiek op ons gevoel kan speel. Musiek word deur sommige mense misbruik om lelike boodskappe, gevoelens of woorde oor te dra. Dit kan ons beïnvloed om ook lelike dinge te doen. Dit is dus baie belangrik om na die regte musiek te luister, **selfs al moet jy van jou maats verskil.**

Leer die kinders om al die bogenoemde aan 'n Bybelse norm te evalueer. Vra die vraag: **As Jesus nou hier was, wat sou Hy gesê het en wat sou ek gedoen het.**

AANBIEDING

1. *Beklemtoon die positiewe invloed van musiek eerder as die negatiewe invloed daarvan.*
 - *Luister saam met die span na goeie musiek. Moenie kinders afskrik met net klassieke musiek of jou eie ou gunstelinge nie.*
 - *Speel musiek of sing wanneer daar gewerk of gestap word.*
2. *Stel 'n band saam van musiek wat verskillende emosies opwek, byvoorbeeld: vrees, opgewondenheid, blydskap, rustigheid en stormagtigheid. Laat die spanlede daarna luister en op papier aandui hoe hulle die verskillende snitte ervaar het.*
3. *Gebruik die vorige as aanknopingspunt om aan die span te verduidelik dat musiek mense op verskillende maniere kan beïnvloed (ook negatief) en dat hulle dit moet aanleer om die verskil tussen "negatiewe" en "positiewe" musiek te ervaar.*
4. *Gebruik verskillende snitte en laat elke spanlid vertel waaroor die liedjie handel sodat hulle kan leer om na die woorde te luister om so in staat te wees om die regte keuses van musiek te maak. Lê klem op dwelmmisbruik, godslastering, seks en gesagsondermyning wat deur sekere soorte musiek goed gepraat en aangemoedig word.*

B Leesstof

Vroeër was daar 'n sensuurraad wat leesstof gekeur het, maar vandag word alles uitgeblaker in tydskrifte wat oral beskikbaar is. Dit is baie moeilik om vir 'n kind te sê om nie te lees wat jy lees nie of dat 'n sekere boek nie 'n goeie boek is nie. Die reaksie daarop sal bloot wees dat dit dan op die winkelrak beskikbaar is. Moedig spanlede aan om jeuglektuur en -tydskrifte te lees. Laat die spanlede deeglik besef dat alles wat te koop is, nie noodwendig reg en goed is nie. Swak en vuil boeke besoedel gedagtes en gee aanleiding tot verdere verkeerde dade. Beklemtoon die feit dat daar gewoonlik 'n verbintenis bestaan tussen dwelms, swak musiek en afstootlike leesstof.

C Televisie en Radio

- Berigte, stories en advertensies word soms so aangebied dat dit die kind se denke kan besoedel.
- Geweld, seks en dwelms word aangebied op 'n manier dat dit later as norm aanvaar word.
- Help die kind om te besef dat dinge nie aanvaarbaar is net omdat dit op televisie verskyn nie.
- Die taal wat gebruik word stel beslis ook nie altyd 'n goeie voorbeeld nie.
- Kleredrag. Die kleredrag van akteurs laat dikwels veel te wense oor.

D Rekenaarspeletjies en Internet

- Hierdie is wonderlike hulpmiddels indien dit gebruik word waarvoor dit geskep is.
- Die gebruik van die internet kan vir die kind 'n nuwe wêreld open, maar kan hulle ook blootstel aan produksies waarvoor hulle nog nie gereed is nie. Dit sluit geweld, seks en swak taal in.
- Kinders moet dankbaar wees as ouers hulle beperk en nie aan groepsdruk toegee om op verbode kanale in te skakel nie.

E Selfoon

- 'n Selfoon is baie handig maar word dikwels deur slegte mense gebruik om kinders vir hulle eie gewin te misbruik of bloot net om hulle gedagtes te besoedel.
- Noem enkele voorbeelde en bespreek dit met die kinders. Gee wenke oor hoe hulle sulke oproepe of boodskappe moet hanteer.
- Kinders moet aangemoedig word om hierdie boodskappe by hulle ouers, onderwysers of offisier te rapporteer.

3 VERSAMELKUNS

DOEL

Om aan die Penkop en Drawwertjie te leer hoe om dit wat hy bymekaar gemaak het tot 'n sinvolle en leersame versameling te verwerk.

INHOUD

1. Wat is 'n versameling?
2. Soorte versamelings.
3. Beginsels van beplanning.
4. Kundige hulp.
5. Hoe word 'n versameling versorg en bewaar?

Verwys ook na die afdeling in die graad een boek oor hierdie werk.

3.1 WAT IS 'N VERSAMELING?



'n Versameling is 'n aantal artikels/voorwerpe, met 'n gemeenskaplike eienskap, wat iemand bymekaar maak met 'n bepaalde doel voor oë of as gevolg van 'n bepaalde belangstelling. Dit is belangrik dat die kinders moet beseft dat dit wat versamel word, 'n "storie" moet oordra en dat dit nie bloot 'n hoeveelheid gesiglose artikels in 'n kartondoos is nie.

3.2 SOORTE VERSAMELINGS

Onderwerpe vir versamelings is legio. Daarom word hier net in breë trekke verwys na 'n paar soorte.

- Lewendige versamelings: vissies, blomme, ensovoorts.
- Lewelose versamelings: enigiets van poskaarte tot vleuelklaviere en ou motors.

Die lewelose versamelings kan weer in die volgende groepe verdeel word:

- | | | |
|---------------------|--|---|
| • Geskiedkundig: | meubels, skilderye, speelgoed. |  |
| • Natuurkundig: | broodbome, blare, horings, skulpe. | |
| • Snuisterye: | blikkies, knope. |  |
| • Gebruiksartikels: | messe, teelepels, borde, vingerhoede. | |
| • Speelgoed: | beertjies, poppe, motortjies, vlieërs. | |
| • Klere: | rugbytruie, pette, dasse. | |
| • Prente: | poskaarte, foto's, video's, skyfies. | |



3.3 BEGINSELS VAN BEPLANNING

- Besluit wat jy wil versamel.
- Weet waarom jy dit wil doen.
- Doen deeglik "navorsing" oor die versameling:
 - ❖ Is dit bekostigbaar?
 - ❖ Is dit sinvol?
 - ❖ Kan dit in die beskikbare ruimte en bergplek ingepas word?
 - ❖ Is dit van enige waarde?
- Beplan hoe die artikels versamel gaan word.
- Sorg vir 'n veilige en geskikte bergplek sodat die artikels georden kan word.
- Bepaal hoe die artikels georden moet word, byvoorbeeld volgens grootte, volgens vorm of volgens historiese verloop.
- Besluit wat met duplikate gedoen moet word.
- Besoek ander persone wat dieselfde of soortgelyke versamelings het en vra raad en wenke.

Die kinders moet saam met die offisier **die waarde van die versameling** evalueer voordat daarmee begin word. Hier word nie slegs die finansiële waarde nie, maar ook die opvoedkundige waarde bedoel en kan die volgende in ag geneem word:

- Sal die kind iets daaruit leer?
- Sal dit sy kennis verbreed?
- Bied dit geleentheid om ander mense en plekke te leer ken?
- Sal hy/sy bepaalde vaardighede en dissiplines aanleer?
- Sal dit bydra tot die vorming van die kind tot volwassene?
- Voldoen dit aan die doelstellings van *Die Voortrekkers*?

Omdat elke soort versameling sy eie benadering verg en waarde het, is dit moeilik om hier bepaalde riglyne neer te lê. Die offisier sal dus by elke soort versameling die nodige aanpassings moet maak om die waarde te bepaal.

3.4 KUNDIGE HULP

Omdat dit 'n gespesialiseerde opdrag is, kan u gerus van kundiges gebruik maak om u te help. Iemand wat jare lank al 'n versamelaar is, kan goeie raad gee.

Besoeke aan mooi versamelings kan aan die kind 'n idee gee van 'n geordende, leersame versameling.

Besoek museums omdat daar baie moeite gedoen word met uitstallings en hoë standaarde gehandhaaf word.

3.5 HOE WORD 'N VERSAMELING VERSORG EN BEWAAR?

Omdat artikels met 'n spesifieke doel versamel word en vir die versamelaar belangrik is, moet dit goed versorg word.

- Die versameling moet goed georden wees, soort by soort of op so 'n manier geliasseer word dat dit maklik gevind kan word.
- Die versameling moet so saamgestel wees dat dit vir die versamelaar en vir ander 'n vreugde is.
- Genoegsame bêreplek moet beskikbaar wees wat groot genoeg en geskik is vir die besondere versameling.

AANBIEDING

1. *Die taak kan beslis nie binne een of twee spanbyeenkomste afgehandel word nie en daarom moet dit dus vroeg in die jaar bespreek en beplan word sodat daar minstens 4 tot 5 maande tyd is om items te versamel.*
2. *Keerdatums is baie belangrik en moet dus realisties bepaal en daarby gehou word.*
3. *Bespreek die hele gedagte van 'n versameling met die span en behandel die teorie daarvan.*
4. *Gee opdragte ooreenkomstig die belangstelling.*
5. *Reël besoeke aan versamelaars, kenners en museums.*
6. *Die samestelling van die versamelings moet onder leiding van die offisier plaasvind.*
7. *Hierdie aktiwiteit kan die begin vorm van werk aan die Versamelkuns spesialisasie.*
8. *Die werkboek moet ook voltooi word.*

EK IN MY OMGEWING

1 PADVEILIGHEID VIR DIE FIETSRYER

DOEL

Om die veilige padgebruik en noodsaaklikheid van die onderhoud en padwaardigheid van sy fiets by die Penkop en Drawwertjie tuis te bring.

INHOUD

1. Padreëls vir fietsryers
 2. Die onderhoud van 'n fiets
-

1.1 PADREËLS VIR FIETSRYERS

1. Maak seker dat daar nie ander verkeer is as jy vertrek nie.
2. Hou links.
3. Ry agter mekaar.
4. Net een persoon op 'n fiets.
5. Ry met altwee hande op die handvatsels.
6. Stop by alle stoptekens.
7. Ry in die straat en nie op die sypaadjie nie.
8. Gee duidelike handseine.
9. Gehoorsaam padtekens.
10. Fietsryers mag nie op deurpaaie ry nie.
11. Dra helder sigbare klere of 'n weerkaatsende lyfband.
12. Stop by voetoorgange vir voetgangers.
13. Wanneer jy by 'n geparkeerde motor verbygaan, sorg vir ruimte tussen die fiets en die motor in geval die motordeur oopgemaak word.

AANBIEDING

1. *Elke kind bring sy fiets na die byeenkoms toe. Behandel die padreëls. Bepaal hiervolgens of elkeen se fiets padwaardig is. Indien moontlik, kan hulle saam met 'n offisier ry en bewys lewer dat hulle die padreëls ken en kan toepas.*
2. *Doen die padreëls prakties. Sommige stede en dorpe het 'n miniatuurbaan met die padtekens waar dit ideaal is om te gaan ry.*
3. *Laat die spanlede 'n vasvrawedstryd hou. Elkeen moet 'n beurt kry om iets in verband met padwaardigheid of padreëls te vra, byvoorbeeld:*
 - *Waarom moet die stuurstang ge-olie wees?*
 - *Wat kan gebeur as die ketting te slap is?*
 - *Wanneer gly bande maklik?*
 - *Waarom moet 'n fiets 'n weerkaatser hê?*

- *Waar aan die fiets vind mens skakels?*
 - *Waar moet die klokkie vasgesit word en waarom?*
 - *Waarom moet 'n fiets se wiele altyd heeltemal rond wees?*
 - *Wat gebeur wanneer sommige speke uit is?*
 - *Noem 'n paar redes waarom 'n band pap word.*
4. *Gee aan elke kind 'n skets van 'n fiets waarvan dele stukkend of weggelaat is. Deel die span in twee groepe en laat elke groep die foute neerskryf. Die span wat die meeste foute kon raaksien, is die winners.*
5. *In die werkboek is illustrasies wat die regte en verkeerde optrede uitbeeld. Deel die span in twee groepe en gee elke groep 'n beurt om te sê of 'n illustrasie reg of verkeerd is. Die groep met die meeste punte is die winners! (Elkeen maak 'n X of 'n ✓ by sy illustrasies).*

1.2 DIE ONDERHOUD VAN 'N FIETS

Aan die volgende aspekte moet gereeld aandag gegee word:

Remme: Goeie remme is noodsaaklik veral wanneer daar skielik gerem moet word.

Wiele: Los of gebreekte speke of 'n gebuigde velling sal die wiel laat waggel en beheer oor die fiets bemoeilik.

Klokkie: Moet helder lui sodat jy ander padgebruikers, wat jou nie sien aankom nie, kan waarsku. Die klokkie moet naby jou hand en stewig vasgedraai wees sodat jy dit maklik kan bykom.

Bande: Moet styf gepomp wees. Gladde bande gly maklik op 'n nat ryvlak. Pap bande beskadig die binneband en bemoeilik die ryery.

Lig: Wanneer jy in onweer ry of ry wanneer dit donker is, moet jou fiets 'n lig hê. 'n Flitslig is nie genoeg nie.

Ketting: As die ketting te styf is, sal jy moeilik trap en gou moeg word. 'n Ketting wat te los is, sal afglip. Stukkende skakels moet vervang word.

Alle bewegende dele moet altyd goed geolie wees om dit teen slytasie te beskerm.

Alle moere en skroewe moet styf vas wees.

Die saal moet stewig vas wees en op 'n gerieflike hoogte gestel wees.

Weerkaatsers: Maak seker dat die rooi weerkaatser agter en die wit weerkaatser voor aan die fiets skoon en stewig vas is sodat dit van ver af sigbaar is.

Bêre jou fiets altyd op 'n veilige plek sodat daar geen gevaar is dat ander mense daarvoor kan val of ry nie.

Hierdie aktiwiteit kan die begin vorm van die Fietsry Spesialisasie.

AANBIEDING

1. *Voltooi die opdragte in die werkboek saam met die span.*
2. *Benoem die onderdele van die fiets: Saal, Ketting, Stuurstang, Pedaal, Lig, Wiel, Klokkie, Weerkaatsers, Remme en Pomp.*
3. *Gesels oor die wye verskeidenheid van fietse.*

2 NATUUR EN OMGEWING

DOEL

1. Om aan die Penkop en Drawwertjie die grootsheid van die Skepping uit te wys.
2. Om die Penkop en Drawwertjie aan die balans binne die natuur bekend te stel.

INHOUD

1. Die wonder en die grootsheid van die Skepping
 2. Die mens se bewaringopdrag
 3. Balans in die natuur
 4. Versteurings in die natuur
-

2.1 DIE WONDER EN DIE GROOTSHEID VAN DIE SKEPPING

Lees Genesis 1 en 2 uit die Bybel voor wat oor God se skepping handel. Daaruit blyk dit duidelik dat God alles geskape het - die aarde, diere, plante, mense en lug. Alles saam vorm 'n eenheid, naamlik die heelal. Elke dier, elke plant, insek en mens, vorm deel van die heelal en het 'n bepaalde rol wat hy daarin vervul.

2.2 DIE MENS SE OPDRAG TEN OPSIGTE VAN DIE NATUUR

In Genesis 1 vers 26 tot 28 gee God opdrag aan die mens om oor die natuur te heers. Om daarvoor te “heers” beteken dat dit behoorlik bestuur (bewaar en benut) moet word. Om die natuur te kan bewaar en benut moet ons kennis daarvan hê, met ander woorde, ons moet dit bestudeer. Eers daarna kan ons allerhande metodes aanwend om die natuur te bewaar en sinvol te benut vir ons voortbestaan. Indien ons altyd bewaringsbewus optree en skade wat reeds aangerig is, probeer herstel, sal ons voortbestaan op aarde verseker wees.

2.3 BALANS IN DIE NATUUR

In die natuur werk beide die lewende en nie-lewende saam om 'n balans (vir oorlewing) te vorm.

Lewende organismes het geleer om by klimaatstoestande aan te pas. Sekere voëls migreer elke jaar. In die herfs, wanneer die voedselvoorraad verminder, gaan hulle na warmer gebiede. In die lente keer hulle weer terug om te broei. Ander diere moet weer veg vir hulle voedsel en 'n plek om te oorleef. Hierdie diere het geleer om by hulle omgewing aan te pas deur byvoorbeeld **spesiale voedingsmetodes** te ontwikkel:

- sommige wildsoorte vreet die boonste dele van gras (zebras) terwyl ander die korter dele van dieselfde plant verkies (blouwildebeeste);
- sommige voëls vreet insekte wat in die dag vlieg (swaeltjies) terwyl ander insekte in die nag jag (naguiltjies);
- skoenlappers besoek blomme vir nektar in die dag, terwyl baie motte dieselfde blomme in die nag besoek.

In die natuur kom daar ook samewerking tussen verskillende organismes voor. Blomme en plante het insekte nodig om voort te plant, soos byvoorbeeld bye vir bestuiwing; miere in fynbosgebiede (hulle bêre die saad ondergronds); en suikerbekkies by proteas (vir bestuiwing).

2.4 VERSTEURINGS IN DIE NATUUR

Die verhoudings tussen plante, diere, mense en hulle omgewing is baie delikaat en indien hierdie balanse verstoer word, kan dit verreikende gevolge hê. Daar is verskeie maniere waarop verstourings in die natuur kan plaasvind. Die belangrikstes is:

- Besoedeling
- Oorbevolking
- Habitatvernietiging
- Uitputting van natuurlike hulpbronne
- Uitheemse diere, indringer plante
- Onwettige handel, byvoorbeeld in ivoor of met renosterhoring
- Versteuring van die ekologiese ketting



Wanneer een spesie in 'n bepaalde omgewing weggeneem word of wanneer 'n nuwe spesie by 'n bepaalde omgewing gevoeg word, word die balans in die natuur verstoer, byvoorbeeld deur roofvoëls te skiet kan rotte 'n plaag word; visse wat vir hengeldoelindes ingevoer is soos die forel, is besig om natuurlike visbevolkings uit te roei en sering-, wattel- en dennebome verdring inheemse bome.

AANBIEDING

1. Deur hierdie hoofstuk buite in die natuur te behandel sal u meer sukses behaal as binne in 'n spankamer.
2. Hou godsdiens tydens 'n kamp buite in die veld. Praat met die spanlede oor die wonder en grootsheid van die skepping.
3. Gebruik die werklikhede in die natuur of 'n flik of video om aan die span te wys hoe diere en plante van mekaar afhanklik is.
4. As bogenoemde feite deeglik ingeprent is, kan u begin met die verstourings, soos by punt 4 gestel. Verstourings in die natuur is gewoonlik die direkte gevolg van menslike aktiwiteite.
5. As die span alles goed snap en weet hoe alles in mekaar pas, kan u beklemtoon wat hulle verantwoordelikheid en plig ten opsigte van die natuur is.
6. Laat die span die opdragte in die werkboek voltooi en verduidelik die "werking" van die natuur aan die hand van die sketse.



3 WAARNEMING

DOEL

1. Om aan die Penkop en Drawwertjie kennis met betrekking tot die praktiese gebruik van veld- en handseine oor te dra.
2. Om die Penkop en Drawwertjie aan te moedig tot oplettendheid en groepsdeelname.


INHOUD

1. Handseine
2. Veldseine (spoorsny)

Seine en tekens is van baie praktiese waarde en elke Voortrekker behoort soveel as moontlik daarvan te ken en te kan gebruik. Om seine en tekens in die veld en elders op te merk, vereis oplettendheid en weerbaarheid (kode 9). Dit is belangrik dat die kind ge oefen word om die uitsonderlike van die algemene te kan onderskei. Ons het reeds in graad 3 met fluitseine wat 'n hoorbare sein is, kennis gemaak. Nou maak ons kennis met sigbare seine wat gebruik kan word wanneer fluitseine onprakties is.

3.1 HANDSEINE





Kyk na die verskillende sketse hieronder en ook in die werkboek en leer die seine vir die jeuglede aan. U sal merk dat sommige van die seine ook in die verkeer gebruik kan word. Sodra die jeuglede die seine baasgeraak het, kan hulle 'n ent weggestuur word om oor 'n afstand te reageer op seine wat u gee. Tydens 'n span of kommandokamp kan die seine weer prakties in die veld toegepas word. Maak 'n storie of 'n sending waarin u die seine gebruik en moet nie die kind net heen en weer laat loop nie.



3.2 SPOORSNY

Elke mens of dier trap 'n spoor waar hy op sagte grond loop. Spore in nat sand kan maklik gevolg word. Spoorsny is egter nie altyd so maklik nie. Soms gaan spore deur bosse of op harde grond of deur water en dan moet ons fyner kyk en na ander dinge ook oplet. Die woord sny beteken hier eintlik seek. Met ander woorde, mens vind jou pad deur na spore en tekens langs die pad op te let en te volg.

Die verskillende spoorsnytekens wat gebruik kan word: (niks verhoed 'n span om ook sy eie tekens te maak nie)

| | |
|---|--|
| Jy kan kies watter pad jy wil volg (dubbelpad) |  |
|  | Dit is nie die regte pad nie |
| Ons is terug huis toe / kamp toe |  |
|  | Drie tree links is 'n briefie vir julle |

Die tekens hoef nie net op die grond geteken te word nie, maar kan ook met ander materiaal soos klippe of takkies gepak of gebou word. Dit kan ook, op karton, teen 'n boom of gebou aangebring word, mits dit nie skade sal veroorsaak nie.

Voordat 'n groep veld toe gaan, moet hulle die basiese reëls ken.

GEDRAGSKODE VIR 'N SPOORSNYER

- Bly bymekaar wanneer julle beweeg.
- Gehoorsaam die leier.
- Beweeg stil.
- Laat spoorsnytekens onbeskadig en onveranderd.
- Neem waar soos jy beweeg, kyk om jou rond, ruik, luister en onthou wat jy waargeneem het.
- Moenie plante beskadig of die terrein bemors nie.

AANBIEDING

1. *Leer die spoorsnytekens aan.*
2. *Behandel die spoorsnyer se gedragskode.*
3. *Verdeel die groep in twee. Laat elke groep 'n spoor lê wat die ander groep moet volg. Die eerste keer kan die roete maar maklik wees.*
4. *Sodra hulle vertrou is met die tekens en die spoorsnyreëls nakom, kan hulle 'n langer en moeiliker roete gegee word.*
5. *Om spoorsny interessant te maak kan die volgende bygevoeg word:*
 - *Gee opdragte soos om 'n wond te verbind, vrae te beantwoord en water te kook wat by die verskillende punte op die roete uitgevoer moet word.*
 - *Gee 'n lysie van plante en landmerke wat hulle langs die pad moet identifiseer.*
 - *Steek prente van diere, wat hulle moet identifiseer en aanteken, op die roete weg.*
 - *Maak gebruik van 'n bandspeler met geluide wat die span moet kan uitken en aanteken.*
6. *Sorg dat daar 'n beloning aan die einde van die roete is.*
7. *Gee geleentheid vir die voltooiing van die opdragte in die werkboek.*
8. *Spoorsny kan op kampe of by spesiaal geskepte geleenthede aangebied word. Doen die oefening tydens verskeie geleenthede met verskillende roetes en opdragte.*

4 KAMPERING

DOEL

1. Om kennis aan die Penkop en Drawwertjie oor te dra rakende die verskillende soorte kampe.
2. Om die Penkop en Drawwertjie te lei tot aktiewe deelname aan die beplanning van 'n spankamp.
3. Om die Penkop en Drawwertjie te leer hoe om 'n kruisvaswoel te maak.

INHOUD

- | | |
|----------------|--------------------|
| 1 Soorte kampe | 2 Kampterrein |
| 3 Kampprogram | 4 Kamptoerusting |
| 5 Kampkos | 6 Kampbenodigdhede |
| 7 Kruisvaswoel | |

4.1 SOORTE KAMPE

Spankamp

Dit is die kleinste eenheid wat kan gaan kamp naamlik net een span. So 'n kamp word gewoonlik gereël om sekere werk af te handel of soms net vir blote ontspanning. Die offisier en spanlede is verantwoordelik vir alle reëlings.

Veldkornetskapkamp

Dit is 'n kamp waarheen die veldkornetskap, byvoorbeeld net die Penkoppe of net die Drawwertjies, of in die geval van kleiner kommando's, al die Penkoppe en Drawwertjies of al die Verkenners, gaan. Die veldkornet is verantwoordelik vir die reëlings.

Die kommandokamp

Al die spanne in die kommando gaan na dié kamp toe. Dit sluit al die offisiere en die heemraadslede in. 'n Kampkomitee word aangestel om al die reëlings te behartig. 'n Program word opgestel waarby almal kan baatvind en wat almal betrek.

Oordkamp

Die kamp word bygewoon deur die lede van kommando's in die oord. Dit kan slegs Penkoppe en Drawwertjies of slegs Verkenners wees of almal kan saam kamp.

Gebiedskamp

Alle Penkoppe en Drawwertjies en Verkenners in die gebied kan die kamp bywoon, afhangende van die aard van die kamp. Persone word aangestel om die reëlings te tref. 'n Program word opgestel wat almal betrek.

Landswe kamps

Hierdie soort kamp vind selde plaas omdat dit so 'n duur kamp is vanweë die hoë reiskoste. Dit is 'n kamp wat alle Voortrekkers oor die hele land kan bywoon.

AANBIEDING

Dit is nodig dat die kind bewus moet wees van die verskillende kampe. Die inligting kan deur gesprekvoering oorgedra word.

4.2 KAMPTERREIN

'n Riglyn:

- Die terrein moet voldoen aan die vereistes van die program
- Dit moet maklik bekombaar wees
- Water moet beskikbaar wees
- Die veiligheid van die terrein moet in aanmerking geneem word
- Dit moet genoeg natuurlike skuiling bied.

AANBIEDING

Stel, in samewerking met die spanlede, 'n aantal vereistes saam vir 'n goeie kampplek. Laat elkeen dit neerskryf in die spasie daarvoor gelaat in die werkboek.

4.3 KAMPPROGRAM

Dit is noodsaaklik dat daar vir elke kamp 'n vooraf opgestelde program moet wees. Dit verseker dat almal voorbereid kom, dat alles gedoen word wat beplan is en elkeen ook weet wat van hom verwag word.

Bespreek die kampprogram met die span en wys op die nadeel as daar nie 'n program opgestel is nie. Doellose rondhardloop wat gewoonlik eindig in beserings, verveeldheid, rusies ontstaan en ongehoorde optrede soos om op dakke te klim om maar net 'n paar te noem.

AANBIEDING

Laat die spanlede help om 'n program vir 'n spankamp op te stel. Soms is voorstelle nie uitvoerbaar nie, maar gee egter so leiding dat dit nie deelname sal ontmoedig nie.

4.4 KAMPTOERUSTING

Aangesien die toerusting gewoonlik die verantwoordelikheid van die offisier is, kan daar deur middel van 'n dinkskrum 'n lysie van die items wat saamgeneem moet word, opgestel word.

4.5 KAMPKOS

Omdat die kinders uit verskillende huise met verskillende eetgewoontes kom, lê hier vir die offisier 'n groot opvoedingstaak voor. Daar is 'n paar basiese dinge wat u met die span moet bespreek voor 'n groot kamp.

AANBIEDING

1. *Reëls. Vul gerus die lysie aan volgens eie ondervinding en behoefte:*

- *Dit is nie ma se kos nie*
- *As jy nie iets wil hê nie sê net "nee dankie"*
- *Die kind moet kos eet op die kamp en nie net lekkers nie*
- *Kos word nie gemors nie*
- *Sê dankie en asseblief*

2. *Koslysie*

- *Laat die spanlede help om 'n spyskaart op te stel.*

4.6 KAMPBENODIGDHEDE

AANBIEDING

1. Omdat van die spanlede nou al 'n paar kampe agter die rug het, kan hulle al help om die lysie van persoonlike benodigdhede saam te stel. Sorg dat die volgende op die lysie verskyn:


- Beddegoed
- Klere
- Toiletware
- Eetgerei
- Items wat nodig is vir die program
- Voorgeskrewe drag
- Medikasie

4.7 KRUISVASWOEL

Die kruisvaswoel is baie handig by die maak van 'n verskeidenheid van kampergiewe waarvan die hanggerief aan die tentpaal die algemeenste gebruik word.

Die beskrywing vir die maak hiervan sal u vind in die afdeling oor Touwerk in *Ondersteuning vir Penkop en Drawwertjie Offisiere*.

| | |
|--------------|--------|
| tenthuurgeld | R20,00 |
| brood | R10,00 |
| wors | R5,50 |
| hout | R6,00 |
| appels | R6,50 |
| melk | R3,50 |
| graankos | R8,00 |
| botter | R4,00 |
| koekies | R4,50 |
| eiers | R4,00 |



5 DIENSLEWERING

DOEL

1. Om 'n positiewe gesindheid ten opsigte van dienslewering by die Penkop en Drawwertjie te kweek.
2. Om die Penkop en Drawwertjie te lei tot die identifisering van geleenthede om diens te lewer.

INHOUD

1. Gesindheid ten opsigte van dienslewering
 2. Dienslewering binne Voortrekkerverband
 3. Dienslewering buite Voortrekkerverband
-

5.1 GESINDHEID TEN OPSIGTE VAN DIENSLEWERING

Alle Voortrekkers belowe by hulle inlywing dat hulle diens sal lewer en hierdie belofte moet nagekom word. Om diensbaar te wees is 'n opdrag van God en is 'n voorreg. Diens word nie gelewer vir erkenning en beloning nie.

5.2 DIENSLEWERING BINNE VOORTREKKERVERBAND

Die geleenthede om diens binne die kommando te lewer, hang van eie oorspronklikheid af. Hier is egter 'n paar voorbeelde:

- Die skoonmaak/skoffel/verf van die Voortrekkerterrein.
- Hulp met aandra van stoele/hout/tafels by Voortrekkerfunksies.
- Die opruim van papiere en ander rommel na so 'n funksie.
- Hulp by fondsinsameling deur kaartjies te verkoop of self iets te doen.

5.3 DIENSLEWERING BUITE VOORTREKKERVERBAND

Die geleenthede om buite Voortrekkerverband diens te lewer is volop, byvoorbeeld:

- Om by die huis tuin nat te spuit of inkopies te doen.
- Tuis help om tee of koffie te maak, slaai te maak vir ete, op te ruim en skottelgoed te was.
- By kerklike verenigings te help met verkoping of aanwys van plekke.
- By die skool help stoele en tafels aandra.
- Op straat of in die stad help met verspreiding van pamflette vir organisasies.
- Bure of iemand in nood of beproewing opbeur met 'n mooi boodskap of blomme.
- Die bure se swembad help skoonhou of troeteldiere kos gee wanneer hulle vir 'n tyd weggaan.

AANBIEDING

1. Voer 'n gesprek met die span oor dienslewering en die gesindheid waarin dit gedoen moet word.
2. Laat elke spanlid sy eie diensleweringtabel in die werkboek voltooi sodra sy taak afgehandel is.

EK AS VOORTREKKER

1 DIE VOORTREKKERS - DIE OORD / STREEK

DOEL

1. Om aan die Penkop en Drawwertjie kennis van die samestelling van die oord en streek oor te dra.
2. Om aan die Penkop en Drawwertjie die betrokke rangkentekens te leer.
3. Om die oord en/of streek se funksionering binne die gebied te verduidelik.

INHOUD

1. Samestelling van: Oord en Streek.
 2. Rangkentekens.
 3. Leierskap en Gesagsaanvaarding.
-

1.1 SAMESTELLING VAN 'N OORD

'n Aantal kommando's word deur geografiese ligging saam gegropeer om 'n oord te vorm. Die doel van oorde is om samewerking tussen nabygeleë kommando's te vergemaklik en aan te moedig (verduidelik watter kommando's saam met u eie kommando die oord vorm).

Die oorddagbestuur bestaan uit die oordleier wat bygestaan word deur twee adjunkoordleiers. Die oordleier is die voorsitter van die oordbestuur.

Die kommandoleiers van hierdie kommando's vorm saam met die oorddagbestuur die oordbestuur.

Die leiers sorg dat daar samewerking tussen die kommando's is en sien toe dat alles in die kommando's reg verloop ooreenkomstig voorgeskrewe reëls. Hulle moet ook inisiatief neem met sekere aksies, soos 'n Oordkamp.

1.2 SAMESTELLING VAN 'N STREEK

'n Oordbestuur kan in oorleg met die gebiedsbestuur besluit om kommando's in die oord in streke te groepeer indien hulle dit verkies. Kleiner groepe kommando's binne die oord vorm dan saam 'n streek met 'n streekleier in beheer daarvan. Die oordbestuur bepaal die organisasie, magte en pligte van sodanige streke en slegs die streekleier dra 'n rangkenteken. Die streekbestuur en streekdagbestuur is nie 'n bestuursliggaam nie.

1.3 RANGKENTEKENS

'n Oordleier dra drie rooi kompasse en adjunkoordleiers dra twee rooi kompasse. 'n Streekleier dra slegs een rooi kompas en geeneen van die res van die streekdagbestuur dra kentekens nie.

1.4 LEIERSKAP EN GESAGSAANVAARDING

Die kinders moet besef dat alle Voortrekkers onder 'n gesagsfiguur staan en dat leiers ook maar net opdragte uitvoer wat dié bokant hulle aan hulle oorgedra het. Om 'n leier te wees, is nie maklik nie. Persone is leiers omdat hulle daartoe bekwaam is en daarom moet ons hulle gesag aanvaar.

AANBIEDING

1. *Hersien eers die kommandosamestelling wat die vorige jaar gedoen is.*
2. *Verduidelik die oordsamestelling binne die gebied en vertel hoeveel oorde daar in julle gebied is.*
3. *Laat die spanlede die ander opdragte in die werkboek voltooi.*

2 GESKIEDENIS VAN DIE VOORTREKKERS

DOEL

Om die aanvangsgeskiedenis en toekomsgerigtheid van *Die Voortrekkers* by die Penkop en Drawwertjie tuis te bring.

INHOUD

1. Die oorsprong en keuse van die naam: *Die Voortrekkers*
 2. Stigterslede.
-

2.1 OORSPRONG VAN DIE NAAM: *DIE VOORTREKKERS*

In graad 3 het ons geleer van die moed en dapperheid van die Voortrekkers van 1834 - 1838.

Die belangrikste was egter dat hulle die Here gedien het en op Sy leiding vertrou het. Dit was dié Voortrekkers wat ons pragtige land vir ons bewoonbaar gemaak het.

Die mense wat amper twee eeue gelede uit die Kaap na Natal, die Vrystaat en die gebied anderkant die Vaalrivier getrek het, was die Voortrekkers genoem want hulle het letterlik VOOR getrek (eerste). Hulle het met hulle totale vertroue in God vir ander 'n voorbeeld gestel. Hulle het vas geglo dat daar vir hulle 'n beter lewe was en was bereid om alles daarvoor op te offer.

Toe ons jeugbeweging in 1931 as 'n kultuurbeweging gestig is, het dr. C F Visser voorgestel dat ons die naam *Die Voortrekkers* moet oorneem. Die stigters het geglo en gehoop dat die kinders wat aan hierdie Beweging sou behoort, altyd sal voorloop (trek) in die lewe, leiers sal wees wat planne sal maak en dinge sal doen om van ons land 'n beter plek te maak, dat hierdie kinders onvoorwaardelik aan God sal glo en sal lewe soos Hy van ons verwag en dat ons bereid sal wees om op te offer vir ons land en ons volk.

Omdat hierdie voorouers van ons so dapper was, is 'n monument by Pretoria opgerig om hulle te eer. Die naam van hierdie monument is dan ook die Voortrekkermonument. Ons strewe moet wees om die deugde en ideale van ons voorouers ons eie te maak en ons lewe en wandel moet so wees dat die Voortrekkerbeweging ook 'n mooi monument tot eer van hulle sal wees.

Ons kan dus hierdie naam met trots dra ter nagedagtenis aan daardie mense wat bereid was om onder moeilike omstandighede hier vir ons 'n tuiste te skep.

2.2 STIGTERSLEDE.

Generaal J B M Hertzog

Hy was die Eerste Minister van Suid-Afrika toe *Die Voortrekkers* gestig is. Hy het die eerste Voortrekkers ingelyf en 'n Landsvlag en die Voortrekkervlag aan die Beweging oorhandig.

Vader Visser (Dr C F Visser)

Dit was hy wat aan ons Beweging die naam *Die Voortrekkers* gegee het. Hy was later ook een van ons hoofleiers. Hy het baie van ons Voortrekkerliedjies geskryf.

Dr N J van der Merwe

Hy was ons eerste hoofleier. Dit is hy wat die leuse: HOU KOERS aan ons gegee het.

Oom Japie Heese (Dr J de V Heese)

Hy was die eerste hoofsekretaris van *Die Voortrekkers*. Dit was hy wat die name Penkop en Drawwertjie gekies het. Hy was later ook een van die hoofleiers.

Mev M M Jansen

Sy was ons eerste onderhoofleidster. Sy het ons Voortrekkervlag gekies en die een wat by die stigtingsfunksie oorhandig is, self gemaak.

Prof B Taute

Hy het die idees vir die ontwerp van ons Voortrekkerwapen gegee.

AANBIEDING

1. Vertel die geskiedenis van die Beweging met behulp van die foto's wat verskaf word.
2. Laat die spanlede die inligting in die werkboek invul.
3. Bring dit baie duidelik by die kind tuis dat die naam dui op VOORUITGANG en dat ons nie by die Groot Trek vasgesteek het nie.

Foto's van stigterslede



Dr N J van der Merwe



Mev M M Jansen



Genl J B M Hertzog



Oom Japie Heese – dr. J de V



Vader Visser – dr. C F



Prof. B Taute

3 SEREMONIE VAARDIGHEDE

DOEL

1. Om die Penkop en Drawwertjie die plesier van “ek kan dit doen” te laat ervaar.
2. Om die Penkop en Drawwertjie ‘n trots vir ons Beweging te leer

INHOUD

1. Waarom vlagseremonies.
 2. Wenke vir die aanleer van drilwerk.
 3. Bewegings vir graad vier.
 4. Deelname aan ‘n vlagseremonie.
-

3.1 WAAROM VLAGSEREMONIES?

1. Vlagseremonies is ons manier om eerbied en respek aan ons simbole te betoon.
2. Vlagseremonies, soos ander seremonies, help om ‘n besondere trots te kweek by jeuglede teenoor hul land, hul Beweging, hul span en hulself.
3. Vlagseremonies aan die begin en/of einde van ‘n Voortrekkeraktiwiteit bied die geleentheid tot ‘n ordelike begin en afsluiting. Dit dra ook by tot ‘n ordelike program wat na of voor so ‘n seremonie plaasvind.
4. Netjies afgeronde vlagseremonies kan ‘n goeie advertensie wees van die gehalte werk wat in die kommando of span gedoen word.

3.2 WENKE VIR DIE AANLEER VAN SEREMONIE-VAARDIGHEDE

1. ‘n Offisiere moet voorbereid wees en die bewegings self korrek kan uitvoer of iemand kry om dit namens hom aan te bied.
2. Stel die groep op in 'n vierkant waarvan die een sy oop is, daar staan die aanbieder. Die vierkant word so gedraai, dat die gesig van die aanbieder na die son is, sodat die son nie die kinders pla nie.
3. Verduidelik eers wat die doel van die beweging is en gee dan 'n volledige demonstrasie hoe die beweging moet lyk. Vermoed die noem en wys van verkeerde optredes, dit het die neiging om eerder vas te steek as die regte optrede.
4. Die ouderdom van die groep sal die spoed bepaal waarteen die groep die bewegings aanleer.
5. Sommige kinders sukkel met hand-oog koördinasie en moet ekstra aandag kry. Moet egter nie die kind uitsonder ten aanskoue van die ander nie. Stap liewer saam met hierdie kind, gesels en begin jy as offisier jou arms swaai sodat die kind dit saam met jou doen en hy uiteindelik sonder inspanning marsjeer.
6. Prys kinders met die vordering wat hulle maak en bevestig ook gereeld waarom hulle dit moet aanleer.
7. Hersien vorige bewegings voordat die nuwes aangeleer word.
8. Moenie meer as twee bewegings op 'n keer probeer aanleer nie. Maak seker dat elkeen elke beweging behoorlik onder die knie het voordat aangegaan word na die volgende.
9. Seremonieële vaardighede moet gereeld geoefen word anders word dit verloor. Kort, maar gereelde oefensessies toon beter resultate as 'n lang sessie. Hou op terwyl dit nog lekker is.
10. Sodra die kinders die bewegings onder die knie het kan dit saam met musiek uitgevoer word. Die resultaat is baie bevredigend en die kinders geniet dit.

11. Kinders geniet vlagseremonies meer as hulle dit behoorlik kan doen. Maak dus seker dat geleenthede vir oefening geskep word.
12. Gebruik die bewegings en vaardighede in ander seremonies ook sodat die kinders die waarde daarvan beleef en die genot van geordende bewegings kan ervaar.

Alles wat goed gedoen word, verskaf genot, is aansteeklik en motiverend.

3.3 BEWEGINGS VIR GRAAD VIER

Saluut: Die saluut word uitgevoer vanuit die “aandag”-posisie.

- Die regterhand word uit die aandag-posisie met die kortste pad opgelig na die linker bors sodat die wysvinger aan die sleutelbeen raak.
- Die vingers is gestrek, en saam met die hand, gewrig en voorarm vorm dit ‘n reguit lyn en die duim bly teenaan die ander vingers.
- Wanneer die saluut gebruik word tydens die aflegging van 'n belofte of tydens 'n vlagseremonie moet die saluut vir die volle duur van die belofte of die lied gehou word.
- Sou vlagdraers die vlage na 'n hysing salueer is dit net vir twee tellings.
- Na die saluut word die hand weer afgebring na die sy, die hand vou toe vir die “aandag”-posisie.
- Die hand mag nie teen die broek of romp klap nie.

Dit is 'n vorm van eerbetoon en word dus gebruik op 'n voorgeskrewe manier.

Staan in rus

Die bevel klink so: "Staan in rus"

- Die posisie van die voete word behou, die hande en kop mag egter beweeg om die persoon meer gemaklik te maak.
- Die houding is ook nie heeltemal so gestrek soos die "op die plek rus" houding nie.
- Om uit die houding te beweeg, word terug gegaan na "op die plek rus" en dan na "aandag" waarna die ander bevel kan volg.

Die bevel word gegee wanneer 'n groep vir lank “op die plek rus” moet staan sodat hulle net vir 'n rukkie gemakliker kan wees **sonder om hul voete te beweeg**.

Die merker

Waarom 'n merker?:

- Om die spanleiers in 'n reguit ry op te stel
- Om die spasiëring tussen die rye reg te stel

Vir vlagseremonies tree die merker een tree voor die eerste gelid aan. (hy staan alleen)

Die spanleiers tree agter die merker aan met hul spanne langs hulle.

Die taak van die merker is:

- Op die bevel "Merker" kom die merker op aandag en stap met 'n “halt, stuit, een, twee” vorentoe (met ander woorde - 3 en 'n halwe tree).
- Hy maak 'n omkeer sodat hy na die spanleiers kyk.
- Hy maak seker dat die spanleiers netjies agtermekaar staan. Indien daar een uit posisie is, sal hy die spanleiers beveel om die nodige verskuiwings te doen. Die res van die spanleiers kry dan die bevel "volg op" om so die ry reguit te maak.

- As hy tevrede is met hul posisies sê hy "spanleiers staan".
- Hy stap terug na sy plek en maak weer 'n omkeer om na die seremonieleier te kyk.

Deelname aan 'n vlagseremonie as lid van die groep

Die kind neem deel aan 'n vlaghysing of vlagstryking en **moet** die rol van die merker kan vervul maar mag ook vrywillig die ander rolle vervul.

4 DIE VOORTREKKERKODE

DOEL

1. Om die Penkop en Drawwertjie te veranker in dit waarvoor *Die Voortrekkers* staan. Christenskap, Afrikanerskap en Burgerskap.
2. Om deur middel van kennis en uitlewing van die Voortrekkerkode, die Penkop en Drawwertjie te bind aan die doelstellings van die Beweging.

INHOUD

1. Inleiding.
2. Voortrekkerkode.
3. Verduideliking van die kode

4.1 INLEIDING

Enige lewende wese se voortbestaan hang af van 'n bepaalde patroon of reëls waarvolgens en waarbinne hy in harmonie met sy soort en andersoortiges kan saamleef. Daarom is daar wette in elke land en reëls in elke skool en huis. Die Voortrekkerbeweging het 'n kode (doelstellings) waarvolgens hulle probeer leef.

'n Kode is reëls en prosedures wat onderling deur die lede van 'n bepaalde stand, groep, vereniging of beweging erken word. Deur die reëls getrou na te streef en uit te leef word die doel van die beweging bereik.

Alles wat ons in *Die Voortrekkers* met die kinders doen of vir hulle leer moet aan een van die reëls van die kode gekoppel kan word. So sal die kinders en offisiere leer dat die kode eintlik 'n leefwyse is.

Die Voortrekkerkode is 'n vereenvoudigde weergawe van die doelstellings van die Beweging. Opsommend praat ons ook van die ABC van die Beweging. Al die reëls van die kode wat handel oor Afrikanerskap sal deel vorm van die A, alle reëls wat gemik is op Burgerskap sal die B uitmaak terwyl alle reëls wat handel met ons Christenskap die C komponent uitmaak.

Die kinders en offisiere moet nie net die kode ken nie maar moet dit ook uitleef. U het as offisier geslaag wanneer dit 'n werklikheid word. Om te kan slaag moet u voortdurend die kinders se denke en optredes volgens die kode rig. U aanbiedings moet duidelik uitspel watter reël van die kode u daarmee wil bereik. Deeglike voorbereiding is noodsaaklik sodat u aanbieding nuwe dimensie sal kry en die spanlede weekliks uitsien na die volgende byeenkoms omdat hulle werklik iets kry wat vir hulle 'n belewenis is. Die ekstra voorbereidingsyd is deur en deur die moeite werd. (Gebruik ook die *Ondersteuningsboek vir Penkop en Drawwertjie Offisiere*)

AANBIEDING

1. *Elkeen moet vanjaar in sy eie woorde kan verduidelik wat elke reël van die kode beteken.*
2. *Gee weekliks geleentheid vir die spanlede om te vertel waar en hoe hulle die kode die week toegepas het.*
3. *Ouers kan ingelig word en gevra word om te help in die toepassing daarvan.*
4. *Gee geleentheid om die opdrag in die werkboek te voltooi.*

4.2 DIE VOORTREKKERKODE

1. 'n Voortrekker glo in die Drie-enige God en dien hom.
2. 'n Voortrekker lei 'n Christelike lewe.
3. 'n Voortrekker aanvaar gesag.
4. 'n Voortrekker hou die taal en kultuur van die Afrikanervolk in ere.
5. 'n Voortrekker leer uit die geskiedenis van sy volk en bou die toekoms daarop.
6. 'n Voortrekker waardeer en bewaar sy omgewing.
7. 'n Voortrekker is 'n goeie landsburger.
8. 'n Voortrekker neem leiding.
9. 'n Voortrekker is oplettend en weerbaar.
10. 'n Voortrekker is diensvaardig.

4.3 VERDUIDELIKING

1. 'n Voortrekker moet 'n kind van God wees.
2. 'n Voortrekker moet so lewe dat ander Jesus in hom kan sien.
3. 'n Voortrekker moet gehoorsaam wees aan die mense wat oor hom gestel is soos ouers, onderwysers en offisiere.
4. 'n Voortrekker moet nie lelike woorde of woorde uit ander tale tussenin gebruik wanneer hy Afrikaans praat nie. Gebruik alle tale suiwer.
5. 'n Voortrekker moet luister na die verhale van sy volk se verlede, die mooi dinge daarin onthou en die goeie voorbeelde volg.
6. 'n Voortrekker is lief vir die diere en plante en beskadig nie die natuur nie.
7. 'n Voortrekker is lief vir ons mooi land en is trots daarop.
8. 'n Voortrekker kan die regte rigting aanwys. (fisies en geestelik)
9. 'n Voortrekker is wakker en bewus van wat om hom aangaan en is voorbereid om in enige omstandigheid op te tree.
10. 'n Voortrekker help ander sonder om aangesê te word.

5 VOORTREKKERDRAG EN KLEURSTELSEL

DOEL

1. Om die Penkop en Drawwertjie groepsgebondenheid deur middel van drag te laat ervaar.
2. Om by die Penkop en Drawwertjie 'n trots vir die drag van die Beweging te kweek.
3. Om die Penkop en Drawwertjie die begrip van die sinvolle gebruik van kleur vir uitkenning aan te leer.

INHOUD

1. Voortrekkerdrag.
2. Kleurstelsel.
3. Voorjuk.

5.1 VOORTREKKERDRAG

- Moedig deur u voorbeeld die kinders aan om met **elke** byeenkoms minstens hulle aktiewe drag aan te trek.
- Maak by elke byeenkoms seker dat u en u span volgens **voorskrif** geklee is.
- **Skep** geleenthede vir die dra van formele drag.
- **Kontroleer** gereeld of die kentekens op die erkenningsbaadjies korrek aangewerk is.

5.2 KLEURSTELSEL

AGTERGROND INLIGTING VIR DIE OFFISIER

In *Die Voortrekkers* gebruik ons 'n kleurkode as uitkenningshulpmiddel. Die kleure het 'n bepaalde volgorde sodat, wanneer jy die kleure se rymple ken, kan jy self diensjare, toekennings, range en graadwiele uitwerk.

Die kleurvolgorde is:

| | | | | | |
|-----------|----------|---------|---------|-----------|---------|
| 1. Oranje | 2. Groen | 3. Blou | 4. Rooi | 5. Silwer | 6. Goud |
|-----------|----------|---------|---------|-----------|---------|

1. Die graadwielboekies en die offisiere se handleidings volg bogenoemde kleurpatroon en daarmee saam die graadwiele wat die kinders ontvang na voltooiing van die werk in die boekie;
2. So ook die skeie en jukke wat die lede vir getroue bywoning ontvang.
3. Die rangkentekens van die Penkop en Drawwertjie is oranje terwyl die Verkenners se rangkentekens groen is.
4. Die rangkentekens van die offisiere volg dieselfde patroon.
 - Veldkornet en adjudante se kompas is groen.
 - Kommandodagbestuur se kompas is blou.
 - Oorddagbestuur se kompas is rooi.
 - Gebiedsdagbestuur dra silwer wiele.
 - Hoofdagbestuur dra goue fakkels.

Maak seker dat die kentekens wat die kind die vorige jaar ontvang het, wel op sy erkenningsbaadjie korrek aangewerk is.

Aan die einde van hierdie jaar sal die kinders wat nou die vyfde jaar in die Voortrekkers is, 'n rooi graadwiel en 'n oranje voorjuk ontvang.

Die kind wat egter pas aangesluit het, ontvang wel 'n rooi graadwiel, maar hulle ontvang skeie volgens hulle diensjare.

Wanneer die oranje voorjuk opgewerk word, moet die vorige skei verwyder word. Slegs die voorjuk word nou vir 'n jaar op die erkenningsbaadjie gedra.

Die vorige jaar se graadwiel word **NIE** verwyder nie. Die nuwe graadwiel word net op die korrekte plek bygevoeg.

AANBIEDING

1. *Bespreek die kleurstelsel van graad nul tot vier, laat hulle die kleure van die onderskeie graadwiele, graadwielboekies en skeie vergelyk.*
2. *Beklemtoon die belangrikheid van gereelde bywoning en deeglike voltooiing van die werkplan.*
3. *Vertel aan die span dat jukskei ook soms vir ontspanning met die skeie gespeel is.*
4. *Skep die geleentheid om jukskei te speel.*

5.3 DIE VOORJUK

Die juk is 'n houtbalk wat gebruik is om osse voor die wa in te span. In elke juk het vier skeie gepas. Na vyf jaar getroue diens ontvang 'n Voortrekker die kenteken van 'n voorjuk as erkenning terwyl hy die vorige vier jare elke keer 'n skei ontvang het.

Die voorjuk het van die ander jukke verskil omdat die skei aan die buitekant 'n hak gehad het wat deur die touleier gebruik is om die tou, waarmee hy die osse moes lei, aan op te hang wanneer hy nie meer hoef te lei nie. Vandaar die uitdrukking "hy gooi tou op" wanneer hy nie meer doen wat hy moes gedoen het nie.

Die juk is op die twee osse se skowwe neergelê en skeie is weerskante van die kop, deur die juk gedruk. Dit het dan verseker dat die osse die afstand tussen hulle behou.

Die skei het dié naam gekry aangesien dit die osse van mekaar moes skei. Skei beteken immers om dinge uitmekaar te hou. Aan een kant van die skei was twee kepe ingesny om die strop (riem) in te hak.

Die strop: Om te voorkom dat die os sy kop sou laat sak en so tussen die twee skeie sou kon uitkom, is daar tussen die twee skeie onder die os se keel, 'n riemp (die strop) aangebring. Normaalweg is die strop in die onderste twee gleuwe gehak. Wanneer die strop in die boonste twee kepe gehak sou word, het die osse baie swaar getrek omdat die strop dan styf om sy keel sou trek. Die uitdrukking "om noustrop te trek" (wanneer iemand swaarkry) kom ook hiervandaan.

6 SANG

DOEL

1. Om die Penkop en Drawwertjie die genot van saamsing te laat ervaar.
2. Om by die Penkop en Drawwertjie 'n gevoel van samehorigheid te laat ontwikkel.
3. Om aan die Penkop en Drawwertjie gesagsaanvaarding en selfdissipline te leer.

INHOUD

1. Algemene nut van sang.
 2. Wenke vir die offisier.
 3. Sang vir graad vier.
-

6.1 ALGEMENE NUT VAN SANG

Sang kan gebruik word:

- om atmosfeer te skep.
- om te dien as oorgang tussen twee aktiwiteite.
- as afwisseling as die groep se aandag begin dwaal.
- as 'n uitlaatklep vir "besige" kinders.
- as 'n hulpmiddel tot vaslegging van teorie.
- om gees te bou.
- om informele leierskap te ontwikkel en uit te bou.
- om lewenswaarhede oor te dra.

6.2 WENKE VIR DIE OFFISIER

1. Dit word sterk aanbeveel dat elke kind 'n hardeblad boek aanskaf waarin elke jaar se liedjies geplak word.
2. Die liedjies moet pas by die kind se begripsvermoë en, waar moontlik, aansluiting vind by die werk wat hulle behandel.
3. Sang kan gebruik word om die spanbyeenkoms mee te begin, af te sluit of as afwisseling tussen die werksaamhede van die dag.
4. As dit moeilik is om die groep aan die sing te kry of op die noot te hou, maak gebruik van 'n CD- of bandspeler om die musiek te speel terwyl gesing word. Daar kan selfs saam met die sanger gesing word.
5. Dink aan liedjies soos die wat Carika Keuzenkamp en andere sing.
6. Kitaar of klavierbegeleiding kan ook gebruik word.
7. Wissel die sang af met beweging. Byvoorbeeld: sit soms vir 'n liedjie, staan die volgende keer, haak bymekaar in, huppel of wieg heen en weer of klap op maat van die musiek. Maak dit 'n heerlike ervaring vir die groep.
8. Sang is belangrik tydens kampe en selfs ook terwyl die groep in 'n bus of motor ry.
9. Maak voorsiening vir sang tydens die weeklikse spanbyeenkomste al is dit net vir 5 minute.

6.3 SANG VIR GRAAD VIER

Gedurende die jaar moet minstens **vyf** Afrikaanse liedjies aangeleer word:

twee volksliedjies en

drie wat 'n positiewe boodskap oordra.

AANBIEDING:

1. *Maak voorsiening vir sang tydens die weeklikse spanbyeenkomste al is dit net vir 5 minute.*
2. *Liedjies wat vanjaar gekies word moet aan minstens **drie** van die volgende vereistes voldoen:*
 - *Lewenswaarhede oordra. Byvoorbeeld: Wenners, Hoe sê mens dankie, Kan 'n man dan nie.*
 - *Selfdissipline en gesagsaanvaarding uitbou. Byvoorbeeld: Môre marsjeer ons weer, Nou Hou Koers dan.*
 - *Dien as middel tot die vaslegging van werk wat behandel is. Byvoorbeeld: Aanstap-aanstap, Fakkels en Wiele, Wat maak mens met 'n snywond.*
 - *Span of groepsgees bevorder. Byvoorbeeld: Haak hom Blokkies, As ek saans met my maats, Lekker ou Jan.*
 - *Waardes en normes vestig. Byvoorbeeld: Dankie vir hierdie skone more, Dankie is 'n woordjie, Op my eer beloof ek.*
3. *Daar kan reeds nou al aan die spanlede wat die selfvertroue het, die geleentheid gegee word om 'n liedjie aan te bied vir die span.*
4. *Al die liedjies se woorde word in die hardeblad "sangbundel" geplak.*

7 SPELE

DOEL

1. Om by die Penkop en Drawwertjie 'n gevoel van samehorigheid te laat ontwikkel.
2. Om aan die Penkop en Drawwertjie gesagsaanvaarding en selfdissipline te leer.
3. Om die Penkop en Drawwertjie die genot van prestasie en saamspeel te laat ervaar.

INHOUD

1. Algemene nut van Spele.
2. Wenke vir die offisier.
3. Spele vir graad 4.

7.1 ALGEMENE NUT VAN SPELE

Spele kan gebruik word:

- om groepsgees te skep.
- om te dien as oorgang tussen twee aktiwiteite.
- as afwisseling as die groep se aandag begin dwaal.
- as 'n uitlaatklep vir "besige" kinders.
- as 'n hulpmiddel tot vaslegging van teorie.
- om informele leierskap te ontwikkel en uit te bou.

7.2 WENKE VIR DIE OFFISIER

1. Enige bordspel kan nuttig omgeskakel word vir Voortrekkerwerk.
2. Onthou dat bordspele binneshuis gebruik kan word wanneer die weer byvoorbeeld sleg is.
3. Maak voorsiening vir spel tydens die weeklikse spanbyeenkomste.
4. Gebruik spele tussen ander aktiwiteite sodat dit steeds vir die kinders lekker bly.

7.3 SPELE VIR GRAAD VIER

Gedurende die jaar moet minstens **drie** speletjies aangeleer word..

AANBIEDING:

1. *Maak voorsiening vir spel tydens die weeklikse spanbyeenkomste.*
2. *Spele wat vanjaar gekies word moet aan die volgende vereistes voldoen:*
 - *Lewenswaarhede oordra*
 - *Selfdissipline en gesagsaanvaarding uitbou*
 - *Waardes en normas vestig.*
3. *Daar kan reeds nou al aan die spanlede wat die selfvertroue het, die geleentheid gegee word om 'n speletjie vir die span aan te bied.*
4. *Gee nog steeds aandag aan die wyse waarop wen en verloor hanteer word deur die verskillende spanlede, stel die gesindhede reg waar nodig.*
5. *U kan die volgende boeke gebruik: Speletjies van Die Voortrekkers, Speletjies van A tot Z, Kom ons speel tradisioneel wat by die Voortrekkerdepot beskikbaar is.*

EK AS AFRIKANER

1 EIETJDSE HELDE

DOEL

Om die Penkop en Drawwertjie bloot te stel aan vroeëre en eietydse helde.

INHOUD

1. Wolraad Woltemade
2. Wolraad Woltemade Kruis vir dapperheid
3. Die verhaal van twee heldedade

Die verhaal van Wolraad Woltemade word hier bespreek om die herkoms van hierdie toekenning vir dapperheid te verduidelik.

1.1 WOLRAAD WOLTEMADE

Die hele nag lank het 'n vreeslike storm gewoed. In hul armoedige huise aan die voet van Tafelberg kon Wolraad Woltemade en sy vrou nie slaap nie, soos die donderweer en rukwinde die huisie probeer vernietig het.

Maar Wolraad het nog 'n klaende wete gehad wat hom wakker gehou het. Vyf skepe het in die baai geanker gelê. Hulle was nie veronderstel om daar te wees in die stormagtige wintermaande nie – maar nogtans, hulle was daar en daar was mense op die skepe.

Vroegoggend hoor hy vaagweg en jammerlik, deur die geweld van die storm, die kanonskote van skepe wat in die moeilikheid is. Die ankertoue het gebreek en die skepe dryf buite beheer op die moordende strand af.

Hy versorg sy vee en stap terug na die huisie. Hy weet dat sy seun, wat 'n soldaat in diens van die Kompanjie is, op die strand sal wees waar daar gekeer moet word dat die mense die goed steel wat van die wrakke af uitspoel. Hy sê aan sy vrou dat hy iets warmes om te eet vir hulle seun wil neem. Sy gee hom 'n emmertjie sop.

Hy stuur moeisaam sy perd op die strand af. Van oral kom daar nuuskierige mense na die strand om te kyk hoe die skepe vergaan. Nou kan hy die skip sien. Die eens trotse skip lê hulpeloos op 'n sandbank vasgespoel. Dit is *De Jonge Thomas*. Hy sien sy seun en gee vir hom die sop, maar hy hoor skaars sy stem as hy dankie sê. Al wat hy hoor is die anskreke wat van die skip af kom.

Party van die matrose spring blindelings in die onstuimige branders in, ander wag nog in die hoop op 'n wonderwerk. Sonder om te huiwer stuur Wolraad sy perd die golwe in. Die mense snak na hulle asemes. Hy gaan dit mos nooit oorleef nie. Maar al wat Wolraad hoor is die stemme wat na hulp roep. Hy weet dat hy nie met homself sal kan saamleef as hy net staan en kyk hoe al daardie mense verdrink, sonder dat hy minstens iets probeer doen nie.

By die skip roep hy uit dat twee matrose moet afspring. Stadig en moeisaam sleep hy hulle uit na die strand waar gewillige hande hulle uithelp. Vir 'n tweede maal moedig Wolraad sy perd aan om terug te gaan na die skip en nog mense te red. Weereens red hy twee matrose. Dan keer hy weer terug na die skip, vir 'n derde, vierde, vyfde, sesde en sewende maal. Veertien matrose is reeds gered.

Nou is sy perd reeds moeg, maar nogmaals stuur die ou man die perd die ruwe golwe in. Die matrose op die boot was vreesbevange. Tien, twaalf en meer matrose duik op die moë ou man en perd af. Dit is te veel. Wolraad besef dat dit verby is. Hy prewel nog eenmaal sy vrou, wat in die huisie aan die voet van die berg sit en wag, se naam en sink dan, saam met sy perd, onder die golwe weg.

Bo in die huisie teen die berg sit 'n ou vrou nou alleen. Net soms praat sy met haarself: "Wolraad, jy moes dit nie gedoen het nie." Maar dan prewel sy saggies: "Maar ek weet, jy kon nie anders nie."

1.2 WOLRAAD WOLTEMADE – KRUIS VIR DAPPERHEID

Omdat Wolraad Woltemade so 'n grootse heldedaad verrig het, is die toekenning vir dapperheid vir baie jare die Wolraad Woltemadekruis genoem. Na 1994 is die naam en vereistes van die toekenning verander en verskeie toekennings op verskeie vlakke word nou gemaak.

1.3 DIE VERHAAL VAN TWEE HELDEDADE

Verhale van mense wat reeds toekennings ontvang het.

TWEE SKOLIERE PROBEER HULLE ONDERWYSER RED

Joseph Josephs en Trevor Kennel het op 26 April 1988 hul onderwyser mnr Shaun Willis probeer red toe hy in 'n maalgat in die see geval het. Mnr Willis het 'n groep skoliere op 'n uitstappie na Nooiensbaai geneem. Hy kon nie swem nie en het in die vlak water gestaan toe hy op 'n onverklaarbare wyse in 'n maalgat beland het en het om hulp geroep. Trevor het hom hoor roep en probeer help, maar is self telkens deur die branders omgeslaan. Hy het mnr Willis bereik en Joseph geroep om hom te help.

'n Waterstroom het hom en mnr Willis ingetrek en Joseph het sy greep verloor. Mnr Willis het onder die water verdwyn en verdrink. Trevor is deur die gemaal teen die rotse geslaan en kon homself na veiligheid optrek. Joseph het op die strand uitgespoel.

Vir hierdie heldedaad het hulle die Woltemadekruis ontvang.

DOGTER RED HAAR BROER VAN HONDE

Johanna Visser het op 7 Oktober 1987 haar jonger boetie van kwaai honde gered.

Hulle was twee van drie kinders wat op 'n tuinmuur gestaan het om moerbeiblare vir hul sywurms te pluk toe twee baie kwaai honde op hulle afgestorm, teen die muur opgespring en geblaf het. Johanna se broer, Maansie, het sy ewewig verloor en tussen die honde geval. Die honde het hom aangeval en aan die nek en skouers begin byt. Johanna het sonder om te huiwer tussen hulle ingespring en sy kon daarin slaag om die honde te verwilder. Sy het Maansie op die muur gehelp en toe self opgeklim.

Vir hierdie dapperheid het sy die Woltemadekruis ontvang.

AANBIEDING

1. *Lees die twee ware gevalle in die handleiding voor en bespreek dit. Verduidelik dat 'n heldedaad 'n daad is wat onder lewensgevaarlike omstandighede verrig word. Dit kan slegs verrig word wanneer eie belang geen rol speel nie. Dit is nie noodwendig dat 'n held moet sterf wanneer hy 'n heldedaad verrig nie.*
2. *Gebruik die gevallestudies in die werkboek as aanknopingspunte.*

EK AS LANDSBURGER

1 DIE GESKIEDENIS VAN ONS VOLK EN LAND

DOEL

Om die geskiedenis en betekenis van die Groot Trek aan die Penkop en Drawwertjie oor te dra.

INHOUD

1. Agtergrond
 2. Oorsake van die Groot Trek
 3. Die Groot Trek begin
 4. Die alledaagse lewe op die Groot Trek
 5. Afloop van die Groot Trek
-

1.1 AGTERGROND

Vóór die Groot Trek in 1834-1838, het die Blanke Boere op plase in die Kaapkolonie gewoon. Die Britte was reeds meer as drie dekades in beheer van die Kolonie en hulle het die Regering in Kaapstad gevorm. Die Boere het verspreid gewoon tussen Stellenbosch en verder ooswaarts tot by Graaff-Reinet, Uitenhage, Somerset-Oos, Tarkastad, Grahamstad en Cradock. Sommige het selfs al tot by die Oranjerivier gewoon. Wanneer die weiding vir die vee skaars raak, het die Boere verder getrek agter gras aan. Ook moes die kinders plase kry sodra hulle trou. Die Boere was dus uit gewoonte altyd maar "op trek".

Op die Boere se plase het daar slawe gewerk wat reeds in Van Riebeeck se tyd vanuit die Ooste ingevoer en aan die Boere as arbeiders verkoop is. Dit was steeds die praktyk om slawe aan te koop. Die Boere het rekord gehou van hulle slawe en goed vir hulle gesorg. 'n Ander groep wat ook soms vir die Boere gewerk het, was die Khoi. Hulle was ongelukkig nie baie flukse werkers nie en het hulle eie leefwyse verkies wat 'n onafhanklike swerwersbestaan was. Hulle het dus meestal in die veld gewoon en om te oorleef, die Boere se vee gesteel.

Die grens van die Kaapkolonie in die tyd van die Groot Trek, was die Keiskammarivier. Anderkant hierdie rivier het die Xhosas gewoon wat self in 'n migrasieproses langs die ooskus af was. Hulle het nie die grens eerbiedig nie en het dikwels die rivier oorgesteek om vee te roof. Moord op die Blanke boere was ook nie ongewoon nie. Dit het tot heelwat oorloë tussen die Boere en die Xhosas gelei.

Anders as in Stellenbosch, Paarl, Worcester, Swellendam en plekke nader aan Kaapstad, waar die lewe baie rustiger was, was die lewe aan die Oosgrens baie onrustig; selfs lewensgevaarlik vir almal wat daar gewoon het. Dit is dus nie verbasend dat die Boere wat die Groot Trek meegemaak het, feitlik almal uit hierdie gebiede afkomstig was nie.

1.2 OORSAKE VAN DIE GROOT TREK

Almal wat aan die Groot Trek deelgeneem het, het nie om dieselfde redes getrek nie. Die mees algemene redes was egter die volgende:

- Die Xhosas wat suidwaarts langs die ooskus van Suid-Afrika getrek het, het in 1778 met die Blankes gebots. Daar het verskeie oorloë uitgebreek. Die Britse Regering aan die Kaap was magtelos om die probleem op te los. Tydens die Sesde Xhosa oorlog (1834) is duisende beeste en kleinvee deur die Xhosas gebuit, huise is afgebrand en mense is vermoor. Bowendien het die Boere die skuld gekry vir die oorlog. Vir die verarmde en vernederde Boere het trek na die enigste oplossing gelyk.

- Op 1 Desember 1834 is alle slawe vrygestel. Dit het beteken dat die slawe nie meer gedwing kon word om te werk nie en hulle eienaars kon verlaat. Sommiges het wel by hulle eienaars gebly en selfs saam op trek gegaan, maar ander het weggeloop en werkloos begin rondswerf en steel. Die Boere het ook nie hulle geld vir die slawe teruggekry nie. Baie het hierna sonder arbeiders op hulle plase, bankrot gespeel.
- Die werklose Khoi het onderdak gekry by sendelinge, wat net soos hulle in kleihutte gaan woon het en die Khoi leefwyse aangeneem het in 'n poging om hulle beter te kan kersten. Die Boere het op hierdie sendelinge neergesien, meer nog toe die sendelinge hulle ore begin uitleen het oor allerhande klagtes van die Khoi teen die Blanke Boere. Die sendelinge het 'n groot bohaai van hierdie meestal ongegronde klagtes gemaak en die Boere as ruwe, onbeskaafde mense voorgestel. Die sendelinge se verslae aan Brittanje en inmenging met die Boere se leefwyse, het gelei tot Ordonnansie 50 (1828) waarvolgens die Khoi nie verplig is om te werk nie en aan die Blankes gelyk gestel is.
- Die onregverdigheid van die sendelinge wat veronderstel was om voorbeeldige Christene te wees, was 'n doring in die vlees vir die Godvresende Boere. Die leuens wat hulle oor die Boere geglo en versprei het, het die Boere diep gegrief. Die gelykstelling van die Boere aan die Khoi, was vir hulle 'n belediging.
- Omdat die Kaap 'n Britse Kolonie was, wou die Britse goewerneurs aan die Kaap die koloniste gaandeweg leer om Engels as taal te aanvaar. Engels is in skole, kerke en landdroshowe gebruik, die staatsdiens was Engels en die koloniste moes Engels ken as hulle met die regering wou onderhandel. Hulle Hollandse geldstelsel is deur die Britse pond, sjieling en pennie vervang. Hulle het nêrens seggenskap gehad nie. Die Boere het soos vreemdelinge in hulle eie land gevoel. Deur te trek sou hulle verlos wees van die Engelse kultuur en denkwysse.

1.3 DIE GROOT TREK BEGIN

As 'n groot groep mense besluit om alles wat vir hulle dierbaar is, agter te laat en 'n onbekende landstreek binne te trek, is dit seker interessant om te weet hóé hulle te werk gegaan het.

Terwyl die Boere die Kaapkolonie baie goed geken het, was die gebiede anderkant die Oranjerivier en die Drakensberge vir hulle onbekend. Daar was egter reisigers en jagters wat van tyd tot tyd van hulle avonture in die binneland kom vertel het. Die Trekkers self het ook verkenningskommissies gestuur om die binneland te verken. Hulle was dus redelik op hoogte van die toestande in die binneland toe hulle vertrek het.

Omdat die Boere deur die wet verbied is om oor die grense van die Kolonie te trek, moes alle voorbereidings in die geheim geskied. As hulle planne sou uitlek, kon hulle as rebelle teen die Regering gedagvaar en toegesluit word. Toe die nuus egter wel bekend word, het die Regering asook die Kerk alles in hulle vermoë gedoen om die Trek te verhoed. Die predikante het byvoorbeeld geweier om die voornemende Trekkers se babas te doop. Die Regering weer het probeer keer dat die Trekkers genoeg buskruit, lood en sout saamneem. - benodigdhede waarsonder hulle nie sou kon oorleef nie. Die Boere het egter baie planne gemaak, soos om die buskruit weg te steek in 'n dubbelboomwa of vooruit langs die pad te begrawe. Engelse regeeringsamptenare het kort-kort die plase besoek om te kyk of daar nie onwettige voorrade gestoor word nie. By een so 'n geleentheid het die Boervrou 'n patrollie bemerk wat haar wa genader het. 'n Groot vuur het langs die wa geknetter en sy het hulle sak buskruit daarheen gesleep. Sy het bo-op die kruit gaan sit. Die patrollie het vergeefs gesoek terwyl die slim vrou seker die vuur angstig dopgehou het dat daar nie vonkies naby haar kom nie!

Die Britse Setlaars wat ook saam met die Boere swaar gekry het aan die Oosgrens, was hulle baie simpatiek gesind. As handelaars was hulle in die posisie om die nodige voorrade in die geheim aan die Boere te voorsien.

Die Boere moes ook hulle plase verkoop. Gou was daar 'n ooraanbod van plase en spekulate het hierdie grond vir 'n appel en 'n ei opgeraap. Daar moes ook waens en osse aangekoop word, tente vir die oumense en kinders, materiaal vir klere en allerlei huishoudelike benodigdhede soos koffie, suiker, medisyne, ens. Daar is beskuit gebak, konfynt gekook en biltong gemaak. Die mans het hulle belasting en enige skuld betaal en gesorg vir gewere en ammunisie. Die waens is gesmeer en alles netjies gelaai. Sommige Trekkers het selfs meer as een wa gehad.

Eindelik was alles gereed. Party Trekkers het hulle slawe saamgeneem. Skape, bokke en beeste is aangeja. Troeteldiere soos katte en honde is opgelaa. In 'n hokkie onder aan die wa, het die pluimvee gereis. Tussen die Trekkers was daar ook avonturiers, Engelse, Italianers en Duitsers. Die oorgrote meerderheid was egter Afrikaanssprekende Boere. In klompies, elk onder 'n eie Trekleier, het hulle die Kolonie verlaat. Hulle het nie saamgetrek nie omdat die veld dan gou uitgetrap sou wees en die vee geen weiding sou hê nie.

Almal was egter nie ewe opgewonde om te trek nie. Barend de Lange, wie se bynaam Seekoeioog was, se vrou wou niks weet van trek nie. Hy het hom nie daaraan gesteur nie en rustig voorberei, opgepak en ingespan. Toe hy sy familie groet, het hy ook sy vrou gegroet en begin ry. Sy het die wa agternagestaar en besef dat hy ernstig was. Skielik gil sy: "Seekoeioog, hou stil, ek sal kom opklim!" Karel Landman, 'n sterk man en leier wat ewe kordaat sy naam in die kerk laat aflees het dat hy gaan trek, het flou geword na sy roerende afskeidsgebed op sy plaas.

Dit was nie maklik om te trek nie, maar vir die meeste van hulle het die toekoms alleen maar in die hande van God gelê. Hulle geloof in God het hulle moed gegee. Hy sou hulle lei die onbekende in.

1.4 DIE ALLEDAAGSE LEWE OP DIE GROOT TREK

Vervoer.

Die ossewa was die enigste vervoermiddel in hierdie tyd. Sestien osse het die wa getrek en die gemiddelde spoed was ongeveer 5 km per uur. Na drie ure moes die osse eers rus. Op 'n goeie dag kon daar ongeveer 30 km afgelê word. Wanneer daar oormag is, is daar soms laer getrek. Tente is opgeslaan en kampvure moes die wilde diere weghou. Die veld het nog destyds gewemel van roofdiere soos leeus, slange en giftige insekte.

Daar was geen begaanbare paaie nie. Hulle moes riviere kruis en steil berge oorsteek. Dan moes hulle die hele wa uitmekaar haal. Die tente van die waens was nie bestand teen hael nie. Veldbrande was ook 'n gevaar en dit kon gebeur dat 'n hele laer uitbrand.

Kos.

Vir ete is daar vleis gebraai en brood of pap geëet wat deur die vrou gemaak is. Die mans het meestal gejag vir die vleis. Koffie is gemaak deur rou of groen koffiepitte te brand en te maal. Soms is daar geleef van veldkos soos eetbare bessies en uintjies. Daar was nie lekkergoed vir kinders nie, maar tamentejie is van wilde heuning gemaak.

Met tye het die Trekkers lank genoeg op een plek oorgestaan om hulle eie landerye aan te lê. Dan is daar geploeg, gesaai en lank genoeg gebly om te oes. Soms het smouse van die Kaap af die Trekkers besoek. Nuwe voorrade is aangeskaf, pos saamgebring en nuus uitgeruil. Die smouse was egter baie duur sodat die Trekkers maar meestal self alles gemaak en reggemaak het. Ruiltransaksies is ook met vriendelike swart stamme aangegaan.

Klere.

Die vroue het lang rokke en kappies gedra en die mans klapbroeke, hemde en hoede. Die kinders se klere het net soos hulle ouers s'n gelyk, net korter. Dogtertjies en seuntjies het kappies gedra terwyl hulle klein was. 'n Seuntjie, Johannes Breedt was 5 jaar oud toe hy moeg geraak het vir sy kappie. Eendag het hy dit onder 'n klip weggesteek en vir sy ma gese dat dit weggeraak het. Sy ma het gesoek, maar kon dit nie vind nie, want die klein rakker het bo-op die klip gaan staan. Sy moes toe vir hom 'n ordentlike strooihoed maak.

Alle klere is met die hand gemaak. As die garing opgeraak het, is garing versigtig uit ou kledingstukke uitgetrek en weer gebruik. Wanneer selfs dit nie moontlik was nie, is gaatjies met 'n doring langs 'n skeur gestek en dun repies boombas daardeur geryg om die skeurplek toe te werk. Naalde was baie kosbaar. As die punt afgebreek het, moes dit weer op 'n klippie geslyp word. Daar is met 'n naald gewerk totdat daar niks meer oorgebly het nie as net die oog.

Wasgoed is in die riviere gewas, oor bosse gegooi om droog te word en op die wakies gestryk met 'n yster waarin daar gloeiende kole was.

Pligte van kinders

Jong seuns was reeds vroeg goeie skuts en ruiters. Hulle moes help met jag vir die pot en beveiliging van die laer en die vee, asook te perd verken en die vee aanjaag. Hendrik Potgieter het byvoorbeeld sy 5-jarige seuntjie se beentjies aan die perd se saal vasgemaak sodat hy nie kon afval as hy die vee aandryf nie. Partykeer moes die dogtertjies help met die vee, maar meestal was hulle by as hulle moeders seep kook of kerse maak. Kinders het ook gehelp oes en moes help om die laer te verdedig tydens aanvalle.

Skoolgaan en Onderwys.

Terwyl die trek aan die gang was, was dit baie moeilik om die kinders te laat skoolgaan omdat die kinders die ouers moes help met die werk. Wanneer daar 'n tydjie uitgespan is, is daar altyd 'n skooltent opgerig. As die tent te klein was vir al die kinders, is party huis toe gestuur! Die kleiner kinders het soveel moontlik deur die dag skool gegaan, terwyl die groter kinders douvoordag moes opstaan, eers skool toe gaan en dan hulle ouers gaan help. Daar was 'n tekort aan onderwysers en dikwels het ma en pa self die onderrig behartig. Indien daar wel 'n onderwyser was, het hy met sy kiere op 'n potdeksel geslaan om die kinders skool toe te roep.

Hulle penne was van gans- of pouvere gemaak en die ink is self vervaardig uit plante soos waboomblare. Omdat papier skaars was, is meestal met 'n lei en griffel gewerk. Hulle het leer lees, skryf en somme maak. Hoofrekene is geoefen deur skape te tel wat nie een-een geloop het nie, maar in troppies. Hulle het Bybeltekste, gediggies en psalms geleer. Onderwysers was baie kwaai en het ook opgelet na netheid. Hy het elke dag gekyk of hulle naels skoon was en hulle hare gekam was. Seuns en dogters is in die skool geraps.

Ontspanning.

Maar die lewe op die Trek het nie net uit werk bestaan nie. Die mense het oor en weer gekuier, speletjies gespeel, musiek gemaak, gedans en feesgevier. Die koms van die smous was altyd 'n hoogtepunt. Trekkers uit ander laers het oor en weer gekuier. So is nuus uitgeruil en briewe rondgestuur. (Dis op hierdie manier wat Erasmus Smit gehoor het sy seun is getroud!) Kinders was ook lief vir speletjies of het poetse op mekaar gebak en met mekaar gestoei. Dogters het met lappoppe gespeel wat van ou materiaal en gras gemaak was, terwyl seuns waens en dolosse gemaak het uit bees- en skaapbene. Klei-osse was baie gewild.

Godsdien.

Sentraal in die Trekkerlewe staan hulle godsdien. Hulle het so gereeld moontlik Kerk gehou, hulle kinders laat doop en Nagmaal gevier. Hiervoor was hulle veral aangewese op sendelinge wat in die binneland sendingwerk gedoen het. Hulle was diep ongelukkig dat daar so min predikante en gemeentes was en het voortdurend probeer om 'n eie predikant te kry. Eerwaarde Erasmus Smit was deel van die Retief-Trek en Eerwaarde Lindley het in 1837 sy sendingstasie verlaat om saam met die Trekkers te gaan.

Die hou van huisgodsdien en die lees van die Statebybel moes die leemte van 'n kerk vul. Na ete is daar altyd boeke gevat. Nadat aanvalle afgeslaan is, is dankdienste gehou en die Trekkers het nooit aan die bewarende Hand van God getwyfel nie. Tydens die Trek met al sy gevare en ontberings, was Die Bybel altyd 'n bron van vertroosting en bemoediging.

Die Bybel was die leesboek vir die kinders op skool. Hierdie gebruik het meegebring dat die kinders 'n goeie kennis van die Bybel gehad het.

1.5 AFLOOP VAN DIE GROOT TREK

In 1839 en nadat Dingaan verslaan is, het die Trekkers tot rus gekom. In Natal het Pietermaritzburg tot stand gekom en die Trekkers kon begin huise bou. Omdat die Trekkers tydens die Trek baie verarm het, was die eerste huise baie eenvoudig en karig gemeubileer. Huise is van klei gebou met riet- of grasdakke. Die vloere was van klei en is met beesmis gesmeer. Gordyne was daar nie - slegs luike voor die vensters. Die huisies het net een deur gehad. Die mure is met kalk afgewit. Die huisies was maar klein en nie baie dig nie. Ene Stander het vertel hoe 'n luislang hulle huisie binnegeseil het tot by die voete van sy kinders wat in die voorhuis op die vloer geslaap het. Tot hulle konsternasie het die slang hulle hondjie doodgedruk en ingesluk. In die Vrystaat en Transvaal is ook van hierdie huisies gebou. 'n Pragtige voorbeeld van só 'n huisie wat behoue gebly het, is die pioniershuisie in Silverton, Pretoria.

Die Groot Trek is 'n baie belangrike gebeurtenis in ons geskiedenis omdat dit die sleutel was wat die deur na die binneland oopgesluit het. Op hierdie manier het 'n groot aantal Christene met heidense nasies in aanraking gekom wat hulle gekersten het. Op hierdie manier het die Afrikanervolk ook as volk sy beslag gekry en is Afrikaans as taal gevestig. Dit het baie moed en opoffering van hierdie mense geverg waarvoor ons, die nasate, dankbaar moet wees en waarop ons met reg trots kan wees.

AANBIEDING

1. Hierdie geskiedenis mag nooit net so aan die kinders voorgelees word nie, maar moet in storienvorm met behulp van visuele materiaal oorgedra word, verkieslik oor meer as een spanvergadering.
2. Elke spanlid kan 'n eenvoudige projek oor een van die Trekkeleiers doen en dit aan die span kom voordra.
3. Besoek monumente en plekke van historiese belang met betrekking tot die Groot Trek, byvoorbeeld die Voortrekkermonumente in Pretoria of Winburg, Bloedrivier of die Geloftekerk in Pietermaritzburg.
4. Daar bestaan baie leesstof oor die Groot Trek - ook in storienvorm. Moedig u span aan om dit te lees. 'n Uitmuntende boek met baie illustrasies en foto's is "Op Trek" wat in 1988 deur die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum ter viering van die 150ste herdenking van die Groot Trek uitgegee is.
5. Voltooi die opdragte in die werkboek.

Antwoorde van die blokkiesraaisel:

| <i>Dwars:</i> | <i>Af:</i> |
|----------------|------------|
| 1 Van Rensburg | 5 Dagboek |
| 2 Moor | 6 Natal |
| 3 Bloed | 7 Gelofte |
| 4 Kop | 8 Smelt |

2 VLAE

DOEL

Om die Penkop en Drawwertjie vertrouwd te maak met die korrekte hantering en versorging van die Nasionale vlag en die Voortrekkervlag.

INHOUD

1. Die Nasionale vlag
 2. Die Voortrekkervlag
 3. Vlagkode
 4. Versorging van vlae
 5. Gebruik van vlae
 6. Die knope
 7. Spanvlag en kommandovaandel
 8. Die Vlaglied
-

2.1 DIE NASIONALE VLAG

Die RSA het op 27 April 1994 'n nuwe Nasionale vlag gekry.

Namibië het op 21 Maart 1990 saam met onafhanklikheid, 'n nuwe Nasionale vlag gekry.

'n Eie vlag beteken dat die land onafhanklik is en dus sy eie regering het en sy eie wette maak. Omdat dit ons land se Nasionale vlag is, moet ons die nodige respek en eerbied daarvoor betoon.

2.2 DIE VOORTREKKERVLAG

Die vlag was oorspronklik die vlag van die eertydse Republiek Natalia. Toe *Die Voortrekkers* in 1931 gestig is, het ons eerste onderhoofleidster, mev M M Jansen voorgestel dat dié vlag die vlag van *Die Voortrekkers* moet word. Sy het self die vlag gemaak en dit is op 30 September 1931 deur genl J B M Hertzog aan *Die Voortrekkers* oorhandig.

2.3 VLAGKODE

- Vlae moet goed versorg word.
- Vlae mag nooit die grond raak nie.
- Alle Voortrekkers staan op aandag as die vlae gehys word.
- Die landsvlag hang links as ons in die rigting van die vlagpale kyk.

2.4 VERSORGING VAN VLAE.

- Vlae word opgerol gebêre.
- Gebruik 'n stormvlag in stormagtige weer buite.
- Afgeleefde vlae moet seremonieel verbrand word en nie net bloot weggegooi word nie.
- Vlae word met die nodige eerbied hanteer wanneer dit gebruik word.

2.5 GEBRUIK VAN VLAE

Die Voortrekkers gebruik die Nasionale vlag en die Voortrekkervlag by al hul vlagseremonies, binnenshuis sowel as buitenshuis.

Die vlag kan ook, volgens die vlagkode, by optogte en tydens volksfeeste en spesiale geleenthede gebruik word.

2.6 DIE KNOPE

Om vlag te kan hys en te stryk moet die kinders die volgende knope kan maak:

- Die voorslagknoop
- Die kniehalterslag

Die sketse en beskrywings vir die maak van die knope, sal u in die werkboek asook in die afdeling oor touwerk in *Ondersteuning vir Penkop en Drawwertjie Offisiere* vind.

2.7 SPANVLAG EN KOMMANDOVAANDEL

'n Spanvlag bevat gewoonlik die embleem van die dier, voël of plant waarna die span vernoem is. Die vlag kan slegs gebruik word waar die span optree en mag nooit die plek van die twee amptelike vlag inneem nie.

'n Kommandovaandel word gemaak vir gebruik deur kommando's by kampe, feesgeleenthede en funksies. Weereens mag dit nie die plek van die twee amptelike vlag inneem nie. 'n Kommando- en spanvlag kan gebruik word om 'n groep saam te bind en te motiveer.

2.8 DIE VLAGLIED

Dit is deel van die gedig “Ons eie vlag” wat deur C J Langenhoven geskryf is, omdat hy ervaar het dat ‘n land se vlag ‘n wonderlike simbool van die land se vryheid is.

FJ Joubert het die laaste vers van hierdie gedig getoonset en ons ken dit vandag as *Die Vlaglied*.

AANBIEDING

1. *Die twee amptelike vlag moet beskikbaar wees wanneer die vlag bespreek word.*
2. *Die inligting moet mondeling oorgedra en gedemonstreer word.*
3. *Die kind moet geleentheid kry om die vlag te hanteer deur dit op te vou en selfs te hys en te stryk, al is dit net vir die ondervinding daarvan en nie noodwendig tydens 'n seremonie nie.*
4. *Maak seker dat elkeen in die span die voorslagknoop en die kniehalterslag kan maak. Gee genoeg geleentheid om dit in te oefen.*
5. *As die span nie 'n spanvlag het nie, kan die spanlede nou saamwerk om een te maak. Hulle kan ook 'n seremonie uitwerk waar hulle tydens spanbyeenkomste die spanvlag kan gebruik.*
6. *Behandel die inhoud in die werkboek en laat die spanlede die vlag korrek inkleur.*
7. *Leer ook die Vlaglied en sing dit saam met die kommando tydens vlaghysings.*

